

jou praktiese huis-en-tuingids

SA se
No.1
huis-en-tuin-
tydskrif



R100,00 (BTW inkl.)
Namibië N\$105,00

tuis

Februarie 2026

DEKOR

Stal só jou mooigoed uit

*Stilis wys hoe in
haar eie huis*

KOS

Kook & bak met

SAPPIGE SOMERVrugTE

STAP VIR STAP

Vaal hoekie kry
nuwe baadjie

...MET TEËLS
EN VERF

REGRUK
MET FLAIR

HIER'S ONS FINALISTE!

ELKE SENTIMETER TEL

Van plaasparadys
tot 'sakdoek'-tuintjie
Pienk en perfek
agter hoë mure

Klein maar piekfyn

OPKNAP

'Pophuis' word knus gasteverblyf

KAAPSTAD

Neutrale palet verryk
met spesery-kinkel

KAAP ST. FRANCIS

Vrolike viering van kleur
in gesinshuis by die see

BREËRIVIERVALLEI

Geen pretensie,
net beheer!

Die Grootste Verskeidenheid Patiomeubels en Bykomstighede in Afrika

Patio

WAREHOUSE

www.patiowarehouse.co.za



WHATSAPP ONS

Pretoria - 012 749 3120 | Centurion - 012 657 9400 | Randburg - 011 801 0820 | Kaapstad - 021 526 7240
Somerset-Wes - 021 840 4160 | Umhlanga - 031 566 8550 | George - 044 010 0102



LESERHUIS 18



28
LESERHUIS



38
LESERHUIS



DEKOR
IN LAE 46



92
LESERTUIN



110 Soet, sappig, somer!

DEKOR

- 18 **Aards, elegant en sonder oordad** bied Breërviervallei-woning 'n tuiskoms
- 28 Gesinstuiste op Kaap St. Francis 'n **fees vir die oog** danksy kleur
- 38 Ou Kaapse meenthuis opgeknop met 'n **neutrale palet en slim ontwerp**
- 46 Maak **hartsgoed laag op laag** deel van jou dekor, nes 'n dekorstilis
- 64 **Opknop** Erfeniskothuis op Swellendam word knus gasteverblyf

doen dit self

- 74 Vaal hoek nou 'n **blosende skoonheid**

IN DIE KOMBUIS

- 110 Kook en bak met die seisoen se **reënboog van vars geure**
- 122 **Eiervrugstapels**, stap vir stap
- 124 **Kortpadkos** Somerslaaie
- 126 **Kos & drank** om al jou sintuie te voed

kompetisies

- 6 **Sê jou sê** en WEN 'n prys
- 58 Ontmoet die finaliste in 2025 se **Regruk met Flair**-kompetisie
- 84 WEN met jou **troeteldierfoto's**
- 91 Vul **Blokraai #189** in en WEN

in die tuin

- 92 Van plaas tot gholflandgoed op Robertson: Só leer mens '**kleiner dink**'
- 102 **Beperte plantplek, hoë mure** geen hindernis vir piepklein Gautengse oase

GEREELD

- 8 **Vars idees** vir onthaalruimtes
- 14 **Wat's nuut** op die dekortoneel
- 80 **Raad** Vra die kenners
- 84 **Troeteldiere** en hulle dinge
- 86 **Tuindagboek**
- 130 **Agterblad** Karin Brynard gesels

V

yf jaar gelede neem ek 'n hond aan, 'n tengerige dingetjie wat deur iemand raak gery en (genadig!) afgegee is by 'n dierehospitaal. Dié weldaad het sy lewe gered, maar dit blyk toe later die telefoonnommer wat die persoon gegee het, is vals, en so beland die hond by 'n dierereedingsorganisasie – met 'n kruppel agterpoot en geen huis nie.

Tot ek een Sondag deur George ry, die mannetjie ontmoet en hom aanneem. Hy heet Knapie, en hy is 'n stoute kalant. Werklik onhebbelik. Met ornamente vir ore. Geen persoonlike ruimte nie. Op sy gelukkigste as hy bo-op of -oor jou lê, of met sy boude op jou sit. Hy maak my woedend, maar hy vermurwe my hart!

En ek vergewe hom als.

Vir die vakansie moes hy en sy lankmoedige ouboet met die (nou) verrinneweerde ore (Knapie se gunsteling-speelding!) hondehotel toe, en al twee honde se papierwerk moes op datum wees – ingeënt teen als en nog wat, vernaam “kennel cough”, want vroeg November was feitlik die hele hondehotel 'n proesende pak, en die eienaars is kwaai: Elke hond se papierwerk moet gestuur word voordat hulle ingeboek word.

Ek sit af veearts toe, eers met Asgat (wat van pure senuwees verstar en toelaat dat wie ook al aan diens is wat ook al met hom doen), en toe met Knapie.

En net daar begin die drama.

Besoek 1: Knapie wys tande vir dr. Cara, en raak so berserk toe sy met die stetoskoop naby hom kom, dat sy nie eens sy hartklop kan meet nie. Ons gaan onverrigter sake huis toe, met kalmeermiddels vir 'n volgende besoek.

Vir besoek 2 gee ek vooraf die nodige pille (dankie, Checkers Championship Boerewors!) en Knapie val oor sy pote kar toe. By die veearts klim hy nie eens uit toe ek die stasiewa se kattebak oopmaak nie. Maar toe dr. Cara naby hom kom, wel, is die gort van voor af gaar. “Jy weet,” sê sy, “groot honde sal op die dosis kalmeerpille in Knapie se lyf 'n dag lank slaap ...”

Weer is ons huis toe, met Nuwe, Beter, Sterker Kalmeermiddels.

Met besoek 3 is Knapie meer jellie as hond, maar ons maak dit weer tot in die spreekkamer. Dr. Cara praat sag, en maak klein bewegings. Knapie kry hande vol biltong, en ek lê plat op my maag met my gesig teen syne, want hy moet ingespuut word, met 'n lang naald – en vloestof wat brand, waarsku sy my.

Ek gaan jou nie ophou met die dramatiese tonele wat daarna in daardie spreekkamer afgespeel het nie, maar die hond is ingeënt (het ek gesê daar was bloed, die arme dr. Cara!), en twee aanhalings uit hierdie uitgawe kom by my op elke keer as ek aan die drie besoeke dink:

Eerstens, Kendal Prins se gevelede woorde oor haar hond, Bailey (sien bl. 38): “Ek is mal oor honde en wil hê hulle moet tuis voel hier, en daarom is daar oral in die huis vir Bailey bedjies. Ek wou nie 'n huis hê wat voel of dit nie deurmekaar mag word nie.”

Al Knapie se geite ten spyt, kan ek Kendal se woorde net beaam.

Tweedens, Kurt Pio se woorde oor sjampanje op bl. 13: “Sjampanjebottels verteenwoordig hoop – daardie tye wanneer vriende en geliefdes bymekaarkom om 'n verjaardag, 'n sukses of 'n spesiale geleentheid te vier.”

Ek het 'n bottel MCC oopgemaak toe Knapie salig op die bank sy roes lê en afslaap, want: Sukses!

Blerrie honde ... *you can't live with them, you can't live without them.*

Lekker lees! En tjorts op 2026. Mag daar vele suksesse op jou wag in die nuwe jaar ...



tuis

REDAKTEUR
Posadres
Algemene navrae

Wicus Pretorius, redakteur@tuis.co.za
Posbus 1802, Kaapstad 8000
Yumna Tofey
yumna.tofey@media24.com, 021 406 4552

REDAKSIE
Artikelredakteur
Kreatiewe redakteur
Ontwerpredakteur
Kosredakteur
Tuinredakteur
Teksredakteurs
Digitale redaksie
Multimedia-joernalis
Foto-opknapper

Beatrice Moore-Nöthnagel,
beatrice.noethnagel@media24.com
Marian van Wyk
Andrew Maritz
Johané Neilson, johane.neilson@tuis.co.za
Marié Brody
Peter van Noord, Johan van Zyl, Natasja Lochner
Annette de Wet, Walter Hayward
Suné Esterhuizen
René Nortjé

MEDEWERKERS

Sven Alberding, Shelly Bergh, Natalie Boruvka, Karin Brynard, Greg Cox, Sarah de Pina, Paula Dubois, Gerda Engelbrecht, Gillian Eva, Lynne Fraser, Kerry Fischer, Lauren Hammond, Mary Jane Harris, Warren Heath, ER Lombard, Haidee Muller-Isaacs, Connall Oosterbroek, Karl Rogers, Jeandri Streicher, Luanne Toms, Elsa Young

ADVERTENSIES & INHOUDSBEMARKING

Verkoopdirekteur Bea van der Vyver, bea.vandervyver@media24.com, 011 877 6047

Verkoopsbestuurder Lani Rheeder

Sleutelklantbestuurders Charlene Meyer, Daniela di Giovanni, Leone Jacobs, Nicolette Kannenberg, Riette Peens, Debbie van der Merwe

Kantoorbestuurder Ann du Bois
ann.dubois@media24.com, 011 713 9529

DIVERSE INKOMSTE

Geleenthheidsdirekteur Francois Malan, francois.malan@media24.com

STUDIO

Hoof Laila Majiet

Kreatiewe hoof Sandlasethu-Siphe Yilani

Redakteur: spesiale projekte Gerda Engelbrecht, gerda.engelbrecht@media24.com

Produkstiebestuurder Christine Smith

Senior bemarkingsbestuurder Andile Nkosi, andile.nkosi@media24.com

Bemarkingsbestuurder Setjhaba Maphike

Projekbestuurder Nafesa Hoosain

UITGEWERSPAN: MEDIA24 MEDIA

Uitvoerende hoof Minette Ferreira

Inkomstehoof Nerisa Coetzee

Finansiële hoof Lana Goliath

Bedryfshoof Edwina Lyners

SIRKULASIE

Kategoriebestuurder tommy.chapman@onthedot.co.za

Produkbestuurder Janine Snyman, janine.snyman@onthedot.co.za

MEDIA24 KORPORATIEF

Uitvoerende hoof: Media24 Raj Lalbahadur

Waarnemende finansiële hoof: Media24 Nelmarie Beyers

Die volgende uitgawe van **Tuis**
is 27 Februarie op straat.

Wicus
redakteur@tuis.co.za

MEDIA24 Tuis word uitgegee deur Media24, Heerengracht 40, Kaapstad 8001. Tel. 021 406 2121

Printed by
novus print
A division of Novus Holdings

ON THE DOT

PUBLISHER
RESEARCH - INNOVATION

abc

Press Council

Kopiereg Media24. Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie tydskrif mag sonder die skriftelike toestemming van die redakteur gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopieëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingbewaring of -ontsluiting. Die redaksie onderskryf nie noodwendig die standpunte gehuldig in artikels, rubrieke en advertensies nie. Hoewel alle redelike voorsorg getref is om te verseker dat die advies wat in die tydskrif gepubliseer word, akkuraat is, kan die redakteur en die uitgewer geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige verlies, skade of ongerief wat daaruit voortspruit nie. Die redaksie behou die reg om veranderinge te maak aan enige materiaal wat aan die tydskrif gestuur word, en kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade aan of verlies van die materiaal nie. Alle pryse is onderworpe aan verandering en kan verskil van winkel tot winkel; die prys in die winkel moet as die finale bevestigde bedrag beskou word.



**Jou visie.
Ons kundigheid.
Die perfekte kombuis.**



34 jaar van gehaltdiens. 2-jaar-kombuiswaarborg.
Meer as 43 vertoonlokale landwyd. 0861 327 9543
Trotse lid van die Kombuispesialistevereniging.

 easylifekitchens.co.za

"Ons is baie gelukkig met die hele EasyLife Kitchens-opknappings- en ontwerpspan. Hulle het ons kombuis omskep in iets wat elke dag vir ons trots en vreugde bring. Ons kan nie genoeg goeie dinge sê oor die vakmanskap van hul werk of die integriteit agter hul woord nie."

Thomas Nel, Nelspruit

Ons lesers sê

WENBRIEF *Tuis* bly die beste

Suzette Nortjé van Henley-on-Klip skryf Ek weet ons almal het Pinterest-borde, maar niks kom by *Tuis* nie. Ons het laas jaar 'n huis met 'n massiewe erf op Henley-on-Klip gekoop, en alles kort aandag. Groot was ons verrassing toe die somer kom en die spitsdak met die plafon teenaan (ek noem dit somer die katedraalplafon) dit so ondraaglik warm gemaak het dat ons meer buite as binne was.

So blaai ek deur my ou *Tuis*-tydskrifte en soek 'n oplossing. In 'n 2021-uitgawe stel 'n argitek voor ons moet 'n dakverf met keramiekballetjies genaamd Ceratech gebruik. Ek google en maak kontak. Ses kanne verf word van die Kaap af gekoerier. Ons het die dak wit geverf en hier amper in die helfte van November is die huis so lekker koel dat ons moet uitgaan om te weet of dit warm of koud is! Pinterest bied dit nie, tensy ek nog nie diep genoeg gedelf het nie. Ja, hulle het prentjies, maar nie waar jy die produk kry nie.

In 'n ander *Tuis* lees ek van 'n paartjie van Potchefstroom wat die mooiste spatbord in hul kombuis laat installeer het, as ek reg onthou, van saffraanhout. Ek wil die plek se naam hê, want ek wil dit doen met foto's van my reise – as motiveringsbord wanneer ek kos maak vir 'n volgende reis.


Weer eens dankie. Dis so lekker om met 'n *Tuis*-tydskrif winkel toe te gaan en te sê ek soek dit of dat. En ek hoef nie 'n gesig van teleurstelling te trek omdat iets nie beskikbaar is nie!

Kyk, dis ons huis!

Linda Langford van Somerset-Wes skryf

Twee jaar gelede het ek en my man uitgebreide restaurasiewerk aan ons toe nuut gekoopte huis laat doen. Ons het gehoor die huis is oor die jare heen verskeie kere opgeknip. Self het ons 'n groot liefde vir bou en breek en restoreer en ons kon nie wag om die huis te takel nie. Die projek het ons omtrent 18 maande besig gehou.

So 'n ruk gelede lui 'n bejaarde dame ons hekklokkie. Sy vertel sy is in die proses om al haar besittings op te pak en na 'n aftreehuis te trek. Een van haar vriendinne het voorheen in ons huis gewoon en sy het afgekom op 'n eksemplaar van die Maart 2011-uitgawe van *Tuis* waarin die einste huis verskyn het. Sy het kom hoor of ons die tydskrif wil hê – hoe dierbaar is dit!



KORTLIKS

Ek was so opgewonde toe ek die nuwe *Tuis Dagboek* tydens 'n onlangse besoek aan Mosselbaai in 'n Pick n Pay gewaar dat ek terstond drie eksemplare gekoop het! Baie dankie dat julle geluister het na my versoek verlede jaar om asseblief tog weer die dagboek uit te bring. Dis so mooi en inspirerend dat ek nie kan wag om te begin werskaf in my tuin nie. Jy kan maar kom, 2026, ek's reg vir jou! – *Elizabeth Fourie, Parys*



tuis

OP FACEBOOK

Hoe lok jy voëls na jou tuin?

- 'n Bad op 'n staander naby 'n boom, hulle soek veilige sitplek naby die water. Plante wat suikerbekkies lok en 'n voerbak. – *Charlotte Saaiman*
- Ons het drie sementbaddens wat hulle uit vier groot bome vir hulself toegeeën het! Lekker stil en geen katte nie. – *Sheila Cecilia Lombard*
- Baddens en bottels met suikerwater vir suikerbekkies. – *Vicky Theron*
- Sit voerbakke uit. Dit het my meer as 'n maand gevat om voëls te lok. – *Chantell van Wyk*
- Bome, bome en nogmaals bome. – *Theresa Nieuwoudt*
- Hang 'n voerbak aan 'n boomtak, allerhande voëls sal aankom! – *Lesley Mocke*
- Inheemse bome en blomme, geen katte nie. Gee vrugte gewillig weg en strooi saad. – *Lynn Allwright*

WEN!

Die skrywer van die wenbrief stap weg met 'n Zartek ZA-372-festoeningstring ter waarde van R1 999.

Voeg dekoratiewe beligting by enige buitenshuise geleentheid, op die kampeerterrein, by feeste of partytjies of in jou eie tuin met die ZA-372-festoeningstring. Dit bevat 20 dubbelstrook-LED-gloeilampe met 20 meter kabel wat gekoppel word aan 'n sonpaneel-batteryboks-en-beheerpaneel met agt modusse en helderheidsverstellings. Ingesluit is drie soorte monterstukke en 'n afstandbeheerder, en vir jou gerief is daar boonop 'n USB-laaiook. Die gloeilampe, monterstukke, kabel, sonpaneel, battery en hulse word gemaak van waterbestande materiale van hoë gehalte sodat jy dit vir jare kan gebruik. Meer inligting op [zartek.co.za](https://www.zartek.co.za)



Die redakteur behou die reg om briewe te redigeer.

Somervreugde

Die Woodoc-Manier



Full Moon en Opal is met Woodoc Water-Borne MARINE gemeng om hierdie stoel te kleur en te verseël.



Skandeer die kode vir volledige besonderhede oor Woodoc se reeks Buitenshuise Verseëlaars en "hoe-om-te-doen"-advies.

Woodoc
KOS VIR HOUT®

Woodoc Kliëntediens: Vir vriendelike, persoonlike hulp en advies, skakel Tolvry 0800 411 200, gedurende kantoorure. @ www.woodoc.com f Woodoc ☞ WhatsApp +27 66 302 4702

Styl en funksie

Dié onthaalareas – groot én klein – wys watter verskil slim ontwerp en aandag aan detail kan maak.

Saamgestel deur Johané Neilson en Marian van Wyk

Die kernbeginsel van hierdie binnehof se uitleg is simmetrie. Langs die swembad is twee identiese L-vormige sitbanke met 'n klipafwerking wat nie net 'n spieëlbeeld van mekaar is nie, maar ook naatloos deel word van die swembadmuur. Dit skep intieme hoekies waar mense kan gesels, lees of net in die sonnetjie baai. Die binnehof, wat beskut is teen die berugte Kaapse suidoostewind, is ewe geskik vir stil tyd alleen as vir uitbundige swembadpartytjies en lang al fresco-middagetes.

Sambreel van Cape Umbrellas

Beskut en kalmerend

“Kleur verander alles,” is Craig Watson se kommentaar oor dié binnehof in Vishoek, Kaapstad. Saam met sy sakevennote, Adam Lange en Albertyn Smit, het hy nuwe lewe geblaas in die buiteruimte van hierdie erfenishuis. Die mure, wat in ’n ligte rooskakering geverf is, laat die helderpienk bougainvillea wat stadig maar seker besig is om die agterste muur te bedek, omtrent uitstaan. Die vloer, met

plaveisel in sirkelpatrone, is ’n knipoog na die hemel daarbo.

“Ons wou die effek van verskietende sterre kry,” verduidelik Adam. Elke sirkel is met gewone bakstene gevorm wat haarfyn gesny en gepak is. Op hulle beurt word die mure gekomplementeer deur die klassieke strepe op die kussings, wat ’n speelse, tydlose gevoel skep. >>



Kelkies, kleur & kurwes

Vir hierdie projek is die hulp van die ontwerper Lauren Hammond van Sloane Design ingeroep. Die opdrag was om die nuwe swembadvertrek in 'n stil hoekie van haar kliënte se tuin in Bryanston, Johannesburg, in te rig. Dit moes 'n selfstandige ruimte wees wat ewe geskik is vir ontspanne gesinsyd as vir moeitelose onthaal.

“Ek en my kliënte wou speel met patrone en kleur. Die kroeg moes op sy eie staan as 'n fokuspunt, en kurwes was van die heel eerste skets af 'n prioriteit,” sê Lauren. Saam met die ontwerpers van Woon het haar visie vir die kroeg gematerialiseer tot 'n fokuspunt wat afgewerk is in teëls met edelsteenkleure.

Lauren het 'n eikehoutkas ingespan as uitstal- en bêreplek. Die vloerteëls bring 'n treffende geometriese element in, terwyl die hangligte sorg vir sterker kurwes aan die bokant van die vertrek. Riet-kroegstoeltjies rond die gelaagde voorkoms af met 'n vars spatsel helder kleur.

Kroeg se teëls van Kalki Ceramics; vloerteëls van Remake; hangligte van Hoi P'loy; kroegstoele van Hertex Haus

Duik in!

Toe Nadine en Dean Johnston hulle vorige huis in Lake Michelle, Noordhoek, restoreer, het hulle die geleentheid gesien om 'n bestaande pergola met sy twee rye pilare langs die swembad in 'n buitekroeg te omskep.

Met die hulp van Ovie Construction het hulle die swembad se dek tot net anderkant die pilare verleng om 'n ruim, ononderbroke buiteleefarea te skep. 'n Kroegtoonbank is tussen die middelste pilare geïnstalleer, terwyl die sykante met hout-

panele bedek is vir privaatheid en beskerming teen die Kaapse wind. Vir skaduwee het die pergola 'n rietplafon gekry.

"Gaste het altyd vanself na die kroeg toe beweeg terwyl hulle aan 'n drankie teug en die uitsigte oor die tuin en Chapmanspiek in die verte bewonder. Dit was lag-lag die plek in ons buiteruimte waar mense die meeste sosiaal verkeer het," sê Nadine. Hulle het balau gekies vir die kroeg en dek omdat dit duursaam is en min onderhoud verg. >>



Kroegstoele van Weylandts

Op 'n tropiese eiland

Dit was Lauren Hammond van Sloane Design se taak om 'n vaal ontspanningsvertrek by haar kliënte se huis in Duxberry, Johannesburg, op te kikker. 'n Plek wat selde gebruik is, moes omskep word in 'n speelse kroeggesentreerde onthaalruimte met sy eie minikombuis, kompleet met 'n kroegyskas onder die werkblad.

Deesdae kan die jong gesin na hartelus hier onthaal – van ontspanne familiesamekomste tot lewendige naweekpartytjies saam met vriende. En die pret en plesier (en natuurlik die warboel agterna) is verwyder van die hoofhuis.

Lauren is geïnspireer deur die flamboyante voorkoms van flaminke, en daarom het sy vir die spatmuur pienk gegroefde teëls gekies wat lieflik werk saam met die bestaande terracotta-vloerteëls. Die kroeg, wat spog met 'n houtafwerking en 'n gepoleerde blad, word geanker deur twee geweepte rottang-hangligte. Riet-en-rottang-kroegstoele versterk die tropiese gevoel. “Dit is alles wat ons ons voorgestel het: 'n ruimte wat vreugde bring die oomblik as jy instap en jou dadelik nooi om te ontlaai en te ontspan,” sê Lauren.

Pienk gegroefde teëls van Veelvlaak; werkblad van SapienStone Suid-Afrika; hangligte van Eight Degrees South; kroegstoele van Pezula Interiors



Lig'n glasier

Die Kaapstadse kunstenaar Kurt Pio is gek oor sjampanje, en hy wou hê sy weelderige kombuis moet 'n nagklubgevoel hê. Die plafon en kasdeure is swart geverf, wat sorg vir 'n kokon-effek wat die kombuis heerlijk intiem laat voel, terwyl 'n spatmuur van goue mosaïekteëls en spieëls in die oop rakke vir 'n ekstra glinstering sorg. "My huis weerspieël die dinge waarmee ek in my kuns werk. Goud is baie prominent in my werk, en dit was heerlijk om in my huis met goud te speel," sê Kurt.

"Ek hou daarvan om alleen te wees, maar kuier ook graag en geniet dit om vriende te nooi vir drankies. Omdat ek nie hou van kosmaak nie en ook nie aandetes hou nie, het ek my eetkamertafel vervang met twee kafeestyl tafels en my oop kombuisrakke gebruik vir breekware en vonkelwyn," vertel Kurt laggend. "Sjampanjebottels verteenwoordig hoop – daardie tye wanneer vriende en geliefdes bymekaarkom om 'n verjaardag, 'n sukses of 'n spesiale geleentheid te vier." 🏠



VERSKAFFERS EN KONTAKTE Cape Umbrellas capeumbrellas.com
 Eight Degrees South eightdegreesouth.com Hertex Haus hertexhaus.co.za
 Hoi P'loy hoiploy.com Kalki Ceramics info@kalkiceramics.com
 Ovie Construction ovieconstruction.co.za Pezula Interiors pezulainteriors.co.za
 Remake remake.co.za SapienStone SA facebook.com/SapienStoneSA
 Sloane Design lauren@sloanedsign.co.za Veelvvlak vvlk.com
 Weylandts weylandts.co.za Woon woondesign.co.za

Teks Kerryn Fischer/Frank Features • Foto Elsa Young/Frank Features • Produksie Luanne Toms/Frank Features



Saamgestel deur
Johané Neilson

Wat's nuut

'N STROOISEL SPEELSHEID

Die Sprinkles-versameling deur Popstrukt is beskikbaar in drie speelse kleure en sluit in 'n kanttafel (hier in die kleur Kiwi Fizz; R2 999, popstrukt.com), laaikas en dubbele sluitkas. Die reeks is "besprinkel" met prettige elemente soos bonkige handvatsels, 'n skulptandafwerking binne en sjarmante hoekdetail!



As jy gek is oor 'n rusbank wat 'n sterk stelling maak, gaan jou oë omtrent blink by die aanskoue van die Hampstead-driesitplekbank (212 cm L x 93 cm B x 95 cm H; R46 995, blockandchisel.co.za) wat op bestelling gemaak word. Dit is gestoffeer in 100% katoen wat vooraf gekrimp word – dit sorg vir die perfekte balans tussen duursaamheid, sagtheid en styl.



KLEURE BY DOSYNE

Elke stuk in die nuwe Rainbow Glass-reeks deur K.Light (vanaf R1 555, klight.co.za) is 'n kunswerk uit eie reg. Dit bestaan uit vier afsonderlike hanglamp-ontwerpe wat elkeen spog met sy eie kombinasie van sagte kleure.

Komaan, sonskyn!

Atelier Annika het ontstaan danksy 'n liefde vir ontwerp, reis en die skoonheid van buite leef. Die skulpturele sambrele, sonbedkussings en strooikussings word almal spesiaal gemaak met materiaalstowwe wat duursaam en waterwerend is. En hulle is ontwerp om te hou in die son.



Die weelderige buiteseambrele (vanaf R13 900 elk, atelierannika.co.za) is beskikbaar in (van links) Forest Foliage, Botanical Bloom en Blue Rose Trellis.






Dis tyd vir die blues...

Dulux se kleurkenners kyk elke jaar na wêreldwye ontwerptrends voor hulle hul kleur van die jaar aankondig. In 2026 vier hulle die ritme van blues met die vars Mellow Flow, lewendige Free Groove en peinsende Slow Swing. Gaan kyk by dulux.co.za hoe jy dié veelsydige kleurfamilie kan gebruik om jou eie ruimte te transformeer.

Strepieskussingoottreksels met knoopdetail R110 elk, roomservicehomeware.co.za



Spuit-spuit so

Die Tivoli Castel-uittrek-mengkraan van geborselde koper (R11 999, italtile.co.za) word gemaak van brons met 'n weelderige afwerking van geborselde koper. Dié ontwerperskraan kombineer Art Deco-sjarme met moderne funksionaliteit en spog met 'n dubbelspuit-uittreksproeikop, 360°-swaai en duursaamheid wat gerugsteun word deur 'n 15-jaar-waarborg van Tivoli.



Jewel-handvatsel (60 mm D) R295, douglasanddouglas.co.za



Deurknop met 'n antiekbrons afwerking (30 mm) R15, gelmar.co.za

Kuns vir die vloer

Airloom se nuwe kunswerk-geïnspireerde mat (1,5 x 2,3 m; R2 950, airloom.co.za) word op 'n sagte gewefde chenille gedruk – ons hou baie van die Dahlia Sketch- (*bo links*) en Forest Watercolour-ontwerp (*bo regs*).



Prentjie rooi!

Umpire-buitetafeltjie in die nuwe kleur Dark Cherry R3 290, [>>](http://pedersenlennard.co.za)

FYN AFWERKING

"Oxidized", die nuwe afwerking van Douglas & Douglas, is geïnspireer deur brons-Afrika-artefakte en geoksideerde koper en brons. Gaan kyk na die eksotiese patina by douglasanddouglas.co.za óf in lewende lywe by die D&D Atelier in Durban.



PRAAT BLOMTAAL

Word deel van die uBlom-gemeenskap en laat vars seisoenale blomme by jou voordeur aflewer – óf stuur dit vir daardie spesiale mens in jou lewe. uBlom gee nie net bosse blomme nie, maar ook 'n persoonlike ervaring met tyd wat in 'n besige dag uitgekerf word om asem te haal, iets te skep en met die natuur te praat. Elke boks bevat vars blomstele, rangskikwenke van 'n kenner en blomkennis om jou selfvertroue te gee wanneer jy jou rangskikking maak. Die blombose is beskikbaar in drie groottes (tans nog net in die Wes-Kaap); bestel by ublom.co.za en volg [instagram.com/ublomflowers](https://www.instagram.com/ublomflowers).



Plaasvars

Hier's nog 'n goeie rede om die La Motte-plaaswinkel te besoek: die lieflike nuwe Inheems-reeks bad- en lyfprodukte wat geïnspireer is deur die landgoed se inheemse Franschhoekse landskap. Die versameling is ook aanlyn beskikbaar by la-motte.com. Die Inheems-seep (R150 elk) voed die vel en is beskikbaar in vier geure: Farm Lavender, Calendula and Farm Geranium, Red Clay and Neroli, en Fresh Green Clay with Farm Geranium.



WIE Elmarie en Kayla Berry
BESIGHEID Imperfect Grace Linen



SKEP, *vernuwe!*

HUL WERK Die entrepreneur en gevierde kookboekskrywer Elmarie Berry het met haar dogter Kayla saamgespan en 'n lieflike reeks tafellinne bekendgestel met die heel gepaste naam Imperfect Grace. "Toe ons Imperfect Grace begin het, was my droom eenvoudig: Skep tafeldoeke van 100% natuurlike linne met oorgenoeg lap om oorvloedig oor die tafel te drapeer, maar ook met 'n sin vir skoonheid, warmte en saamwees," sê Elmarie. "Hierdie is die soort linne wat net beter word soos die tyd aanstap – dit is 'n ware erfstuk wat nog deur jou kinders se kinders gebruik sal word." Besoek imperfectgrace.shopstar.co.za en gaan kyk gerus by [instagram.com/imperfect.grace.linen](https://www.instagram.com/imperfect.grace.linen).



Prettige nestafels
R1 500,
mrphome.com

Strooikussingoottreksel van katoen met geborduurde blommotief (60 x 40 cm)
R549, woolworths.co.za



PERFEKTE DROOMLAND

Die Aurora-bedkopstuk se los oortreksel (hier in die kleur Argentina Espresso; vanaf R9 900 vir dubbel/koningin) is van masjienwasbare Hertex-materiaal. Voeg daarby die nuwe Reimagined-tafellamp (hier in Bark; R3 900) en Sanctuary-beddegoed (hier in Auburn; vanaf R2 450). Besoek hertexhaus.co.za.

Celly-eensitplekbank van rottang met gestoffeerde kussings (R26 999) en Taz Milk Bora-geborduurde kussing in die kleur Rust (heel regs; R899), poetrystores.co.za



Perfect Hideaways Living, 'n aanlynwinkel met uitgesoekte items, is vol tipiese Afrika-geskenke wat gemaak is deur plaaslike handwerkers en geïnspireer is deur die ongelooflike plekke in die Perfect Hideaways-stal. Gaan kyk by shop.perfecthideaways.co.za.



Lissa Claassens se Country-waterbeker
(20 cm L x 17 cm D x 18 cm W) R795



Ons hou van die kartelrand!

Bud-keramiekvaas
(22,5 cm H) R1 350,
shop.babylonstoren.com



Hantam Karoo-reiskombers van sybokhaar (130 x 180 cm) R1 999



Hout wêrk!

Die Lysa- lineêre lig deur Nighttree is handgemaak van hout en bied 'n verstelbare ligbron sonder enige direkte strale. Dit kan ondertoe of boontoe skyn en sorg vir 'n sagte, hartlike atmosfeer. Die lig word beheer deur 'n koordlose afstandbeheerder – of jy kan dit met wifi aan jou slimfoon koppel. Gaan kyk by nighttreedesign.com.

DIE BESTE VAN SA!

Karoo Farm Box bied aan klante die geleentheid om boere en entrepreneurs van die Karoo op 'n deurlopende basis te ondersteun. Terselfdertyd bederf jy jouself of 'n geliefde met die beste gehalte materiaalstowwe en produkte wat Suid-Afrika kan bied. Gaan kyk na hulle pantoffels, komberse, bokse en veel meer by karoofarmbox.co.za en laat Karoo-weelde by jou voordeur aflewer. 🏠



WIE WOON HIER? Marie en Eric Droomer,
Floyd die staffie, en die twee beagles Lea en Thyme
WAAR Breëriviervallei, tussen Worcester en Wolseley
GROOTTE 240 m² (motorhuis, binnehof en stoepe uitgesluit)

'n Tuiskoms vir twee swerwery

Teks en produksie Marian van Wyk
Foto's Greg Cox

Op 50 het die Droomers besef hulle het nog nooit 'n huis besit nie. Sestien jaar later is hulle eerste eie woonplek 'n ode aan Modernistiese argitektuur en tydlose styl.

'n Binnehof tussen die leefvertrekke en die twee slaapkamers bied beskerming teen die elemente, en lei na 'n ruim stoep wat oor die wingerd uitkyk. Die huis bly van nature koel danksy goeie kruisventilasie en 'n ekstra diep plafonruimte met ventilasie-openinge na buite (sien oorkant bo die afdak).

Humansdorp, 1983. Ek is amper 15 en verwonder my aan ons *cool* nuwe 25-jarige buurvrou, Marie, se sitkamer. Marie leer my kleren maak met ongebleikte linne, soos sy dra. Skandinawies is nog nie deel van my woordeskat nie, maar die gedempte palet van wit en sampioen skakerings en die andersheid van die dekor (ek het toe nog net generiese sitkamerstelle geken) is vir my mooi. Teen 1987 skei ons paaie; Eric en Marie vaar die wye wêreld in met hulle tweejarige Mieke. Ons verloor kontak.

Plettenbergbaai, 2025. My *Tuis*-vriendin Retha Alberts vertel van 'n Eric en Marie wat van Uruguay teruggekeer het en 'n mooi huis laat bou het. "Is hulle van dalk Droomer?" vra ek summier. En so kruis ons paaie weer. Dis 'n blye weersiens.



In die eetkamer raam 'n groot venster die uitsig oor die tuin, wingerd en Bainskloofberg. Die meubels kom alles van Uruguay.

Die ingeboude bank
dien as lêplek, sitplek
en met groot kuiers
selfs as kroeg. Malawi-
stoele herinner aan 'n
spesiale vakansie daar
40 jaar gelede.
Kussings van Mungo



Daar sal lemoenbome wees

“Toe ons 50 word, het ons besef ons het nog nooit 'n huis besit nie,” vertel Marie. “Dit was nog altyd maatskappyhuise en huurhuise. Maar ons het 'n regte tuiste gemaak van iedere en elke tydelike woonplek, en voorgegee ons gaan vir altyd daar woon.”

In 2008, terwyl hulle nog in Paysandú in Uruguay gewoon het, het die Droomers 'n werkende plaas naby Worcester gekoop. “Ek was nog nie reg vir *downsize* nie; ek het dan nog nie eens *ge-upsize* nie,” grap Marie.

Teen 2010 was hulle in 'n huurhuis naby die plaas as eienaarbouers, en ses maande later kon die twee vyftig-ietsers in hulle eerste eie huis in die middel van 'n cabernet sauvignon-wingerd intrek. Hulle seun, Leonard, bestuur die plaas en is besig om die boerdery na steenvrugte en lemoene om te skakel. “Daar kom net nie nette voor my huis nie; dit sal lemoenbome wees,” sê Marie ferm.

Droomhuis, of Dream House, soos dié tweetalige gesin hulle huis gedoop het, is meer as net 'n woordspeling met hulle van. Die dekor en argitektuur is in perfekte harmonie, en die rustige eenvoud waaraan ek my in 1983 in die Droomers se huis verwonder het, loop 43 jaar later steeds soos 'n goue draad deur die interieur. >>

Alle vertrekke het toegang tot die binnehof. Dit skep nie net 'n gevoel van lig en ruimte nie, maar hou ook die huis van nature koel. Die sementvloer is regdeur die huis met Cemcrete afgewerk; binne is die kleur Stone gebruik en buite Straw.



Bo die kaggel in die sitkamer staan kunswerke wat doelbewus nie gehang is nie. "Ek en Eric het al die jare wat ons so gereeld verhuis het, gesien: Die oomblik as ons die laaste skildery hang, trek ons weer. Dis 'n teenvoeter vir daardie bygelooft van ons." Antieke kalbaskruike waaruit die Suid-Amerikaanse kruiedrankie maté gedrink is, lê in 'n houtsif op die koffietafel as 'n herinnering aan hulle Uruguay-jare.



Marie woeker elke dag met vars produkte uit haar tuin.



‘NIKS IN OORMAAT NIE, ASSEBLIEF’

“In Paysandú het ons amper twaalf jaar lank in ’n kompakte olyfolie-raffinadery gewoon wat in ’n huis omskep is,” vertel Marie. “Daar het ons geleer dat ’n kleiner huis baie meer knus is, en dat grootte beslis nie alles is nie.”

Vir Eric, wat op Worcester grootgeword het met ’n bewustheid van en waardering vir tydlose argitektuur, was dit belangrik om die pad met goeie argitekte te loop.

Op die prioriteitslys in hulle opdrag aan die argiteksfirma Van der Merwe Miszewski (VDMMA) was uitsig, lig en veiligheid, maar geen diefwering nie. Veiligheidshortjies verrig dié taak.

Marie het dit pertinent gestel: “Ek wou die son soggens sien opkom, en die laaste sonstraal van die dag moet op my voordeur val.” En dis wat sy in oormaat gekry het, want die argitekte het die uitsig op die Witzenberg, Slanghoekberg en Bainskloofberg prentjiemooi in elke venster geraam sodat dit die eerste en laaste lig se skakerings van pienk en oranje vasvang. >>

Oor die wit kombuiskaste het Marie, met haar liefde vir ’n neutrale palet, nie haar kop gebreek nie. “As ek ’n kleur moes kies, sou ek nie weet watter een nie!” Die tafel met ’n blad van gaasdraad en glas het sy self ontwerp; die stinkhoutstoel is oudhede uit Eric se ouerhuis.





Die huis se enigste gang (*bo*) skei die leefvertreke van die slaapkamers. Elders loop vertreke aaneen (*bo regs*), wat tipies was van die uitleg van primitiewe wonings – iets wat die argitekte in ag geneem het in hulle ontwerp. Die skildery deur Bokkie Basson in die eetkamer is van die Slanghoekberg, wat ook uit die huis te sien is, en was Eric se ouers s'n.

AARDS EN ELEGANT SONDER PRETENSIE


Marie se liefde vir linne en natuurlike materiale is te sien in handgeweepte tekstiele en in haar versameling vintage marmerstampers en -vysels wat die storie vertel van woon- en werkplekke oor die wêreld heen. “Gee vir my enigiets in linne, en ek is *happy*,” sê sy.

Die Droomers se laaste huurhuis was gemeubileer “met niks waarvan ons gehou het nie”. Haar aardse styl kon sy ervaar deur eers ’n opknapprojek vir ’n gastehuis in Paysandú te bestuur, en daarna die interieur te ontwerp.

“Dit het my styl op die ou einde baie beïnvloed, en so het ons in Uruguay meubels begin koop vir die plaashuis, nog voordat ons begin bou het,” verduidelik Marie.

Sy beskryf haar styl as “selfgemaak”. “Ek hou van simmetrie. Kleur is vir my moeilik, en ek hou nie van opgaar goed nie. Die neutrale palet laat die klassieke houtmeubels uit Uruguay tot hulle reg kom.”

Hier skree niks vir aandag nie, en van die meubels tot die tekstiele vorm ’n harmonieuse geheel van geselligheid en egtheid. >>





Die stoep aan die noordekant is op sy mooiste wanneer die laaste lig agter *Bainskloof in die verte* wegglip. Hier kuier ons heerlijk en eet ons middagete en aandete. – Marie





Groen is my *go-to* as ek die dag met
kleur moet werk. – Marie

Oor dié kas (*inlas links*)
in die hoofslaapkamer
sê Marie: “Jy sien, ek
moes iets hê waarop
ek my tuinblomme kan
neersit.” Die portret
deur Jean Welz is van
Eric as kind.



Die hoofslaapkamer is die enigste vertrek
met kleur. Die leertas was Marie se pa s'n toe
hy sy ouerhuis op 16 verlaat het; die groter
trommel was Eric se ouma s'n. Eric het die
deken van Marokko as geskenk teruggebring.
Al die meubels kom uit Uruguay.



In die hoofslaapkamer se en suite-badkamer kan mens salig in die bad lê met die vensters oop. Dit kyk na die Witzenberg.

Badhanddoeke (*hier en oorkant*) van Scatterlings from Africa



Sterk horisontale argitektoniese lyne is teen die Witzenberg afgeëts. 'n Lap wingerd is uitgehaal waar die huis op die middelpunt van die plaas gebou is. "Ons wou nie bure sien of hoor nie," verduidelik Marie. 🏡

VERSKAFFERS EN KONTAKTE

Cemcrete cemcrete.co.za Mungo mungo.co.za
Scatterlings from Africa [instagram.com/scatterlingsfromafrica](https://www.instagram.com/scatterlingsfromafrica)
VDMMA vdmma.com, email@vdmma.com



'N KWESSIE van balans

Dié gesinshuis by die see is heerlik
ontspanne en vol verskillende lae
– en die ruimtes is terselfdertyd
prakties én 'n fees vir die oog.

*Teks en produksie Marian van Wyk
Foto's Greg Cox*

WIE WOON HIER?

Matt en Natalie MacLeod en hulle seuns,
Leo (12) en Shay (10)

WAAR Kaap St. Francis, Oos-Kaap

GROOTTE 172 m²



Die sōnkamer se latwerkdak is gebou met behandelde 38 x 38 mm-dennehout. "Ek verkies om hout nie te seël nie, want die oomblik as jy 'n afwerking aanwend, sluit jy 'n vennootskap met instandhouding'," sê Matt.

Ventilasiestene van Deranco; kussing van Mungo; vaas van Prêt-à-Pot

MATT SE WENK OM PLAFONNE TE VERF

“Wanneer jy ’n wit of baie ligte kleur kies vir die mure, maak dit sin om die plafon in dieselfde skakering te verf. Anders sien jy ’n duidelike oorgang waar jy staatgemaak het op ’n verwer se bestendige hand om ’n perfek netjiese lyn te verf. Wanneer daar geen oorgang van kleur is nie, is die voorkoms naatloos.”



Die gesin steek graag ’n vuurtjie aan in die sitkamer waar hulle dan bordspeletjies speel. Ventilasiestene wat Matt en sy span van die Somerstrandse Surf Lifesaving Club in Gqeberha herwin het nadat hy aan hulle verf geskenk het, is as ’n fokusmuur ingebou en verskaf sommer ook bêreplek vir wyn. Die sementblad onder die houtstofie is afgewerk met dieselfde produk en kleur as die vloer: Kleur Space se Kontour Clay in die kleur Dakota. Die meeste van die meubels is tweedehands gekoop.

Plafon bedek met saamgestelde eikehout van Lalegno; Lacunza Sagra-smeulstoof van Fire Empire; mat van Hertext

Branderplanke en visstokke wat vasgemaak is op die dakrak van hulle Kombi, met twee jong kaalvoetseuns by hulle ... dít is waarskynlik hoe jy vir Matt en Natalie sal raakloop sedert hulle uit Gqeberha verhuis het na die branderryparadys Kaap St. Francis.

So 'n leefstylverandering klink dalk na kinderspeletjies, maar in 2020 was dit 'n dapper skuif om 'n nuwe lewe en, twee jaar later in Oktober 2022, 'n nuwe verbesigheid te begin op wat sommige mense sou beskryf as 'n dooierige dorpie.

“Ons het net gevoel daar móét meer wees aan die lewe,” sê Matt. “Toe ons in November 2020 ons erf koop, het eiendom nog nie 'n opbloeie beleef nie.”

Hulle opdrag aan die plaaslike argitektonwerper Bobbie Ellis was eenvoudig: Skep 'n skuilplek teen die berugte stormsterk winde met 'n oorvloed natuurlike lig. Toe die fondamente in Augustus 2021 gegrawe is, het die gesin in 'n huurhuis reg langsaan gewoon. Met sy sterk bande in die boubedryf sou Matt nooit net 'n passiewe kliënt wees nie. Hy het deeglik toesig gehou oor die projek en het ook self ingespring met die afwerkings.

Die egpaar se bewondering vir die jare sewentig is regdeur die binne- én buite-ontwerp-details sigbaar; 'n liefdesverhouding wat strek tot by hulle keuse van meubels, waarvan baie tweedehands is. Ander stukke is hulle eie handewerk.

Hierdie gesinshuis is net so onpretensieus soos die stukkie kuslyn wat dit geïnspireer het. Dit is 'n ruimte wat kan saamleef met sanderige voete, branderry-pakke en die chaos van die alledaagse lewe. Dis ingeleef met verskillende lae, maar steeds 'n estetiese fees vir die oog. >>

“Die kombuis-eiland en eetkamer is die middelpunt van ons huis; albei is rustige, foonvrye ruimtes waar ons teen die einde van elke werkdag die ‘goue uur’ deurbring,” sê Matt. Die voorkant van die eiland is met dennehout-kroonlyste bedek om 'n geribde voorkoms te skep.



VERFKLEUR
Kleur Space Steenie

Die MDF-blaaie is geverf met die Kleur Space-produk Kontour Shale in die kleur Flies in Milk. Die kasdeure bo die stoof is afgewerk met afvalstroke saamgestelde eikehout van Lalegno.

Vloer afgewerk met Kleur Space se Kontour Clay in die kleur Dakota

'n Ronde venster in die sonkamer nooi die buitekant binnetoe. Die eetkamerstoele in die vertrek, wat noord front, het hulle gekry by Natalie se suster, die kunstenaar Shelley-Anne Graham; hulle is gespuitverf in die kleur Wild Coast van Kleur Space. Die gepoleerde sementvloer is Matt se handewerk. "Ek het voorheen 'n vloermaatskappy besit, en daarom sou ek hierdie nié as 'n selfdoenprojek aanbeveel nie," sê hy laggend. "Ek het 'n diamantslypmasjien gehuur en met 'n sementmengsel geëksperimenteer waarby ek ekstra klip gevoeg het, en dit toe met 'n poliuretaan-seëlmiddel behandel."

Tafel van Kipekee Studio; keramiekbeker van Gluggle Jug



Uit die sitkamer stap jy in 'n kompakte tuiskantoor.

Kabinet deur Mi Designs; portret van vrou en skoelappers deur Shelley-Anne Graham



'n Filosofie van balans

Vir die MacLeods is daar 'n kalmte wat 'n mens kry van ruimtes wat prakties én mooi is. Matt, altyd die pragmatiese, is 'n aanhanger van die Modernistiese ontwerpbeginne wat lui funksie kom voor vorm.

“Vir my gaan dit daaroor om daardie perfekte balans te vind tussen wat prakties is en wat mooi is, en ek sal nooit daarvan afwyk nie.”

Matt se onlangse sprong in entrepreneurskap, toe hy sy Kleur Space-verfbesigheid in die naburige St. Francisbaai geopen het, het aan die projek 'n sterk nuwe kleurpalet verleen.

Tog behels dit meer as net 'n uitbundige viering van kleur. “Kleur en sielkundige welstand gaan hand aan hand,” meen hy. “As jy by jou huis instap en 'n spesifieke kleur veroorsaak angs, kan jy nie elke dag in daardie ruimte leef nie. Ek het ons kinders se slaapkamers gebalanseer op grond van hoe ek hulle luim en persoonlikheid verstaan.”

Nog 'n kenmerk van Matt se ontwerpfilosofie is sy liefde vir teksture, soos wat 'n mens sien in houtbedekkings waar 'n mens dit die heel minste verwag. Volgens Matt het 'n plafon byvoorbeeld ewe veel kreatiewe oorweging nodig as enige ander oppervlak.


“Die hemelruim verander heeltyd; dis nooit vervelig nie,” mymer hy. “Daarom kón ek net nie ons plafonne 'n vervelige wit maak nie. Die eikhoutbedekking sorg vir 'n ekstra dimensie. In ons sitkamer (*sien bl. 30*) en badkamers (*bl. 36*) voel die ruimtes geselliger.” >>

Die MacLeods se liefde vir die jare sewentig is duidelik te sien in die argitektuur en ontwerpdetails soos sterk horisontale lyne, saksmeerbaksteenwerk en ventilasiestene.

Argitektoniese ontwerp deur Ellis Architecture; bouwerk deur DGsiyenza

VERFKLEUR

Kleur Space Great White



'n Huis is so 'n *persoonlike ruimte*;
die vreugde wat ons hier ervaar, is enorm. – Matt

VERFKLEUR

Kleur Space Chickpea

“Ons slaapkamer is amper soos 'n veilige kokon,” sê Matt. “Ek en Nats het ons bed van dennehout gemaak. Vir die kopstuk het ons die muur bedek met Lalegno se saamgestelde eikehout. Dit was baie kostedoeltreffend!”

Komers van Mungo



In Shay se slaapkamer weerspieël die geel fokusmuur sy persoonlikheid. "Geel sorg vir soveel vreugde, maar dit kan 'n bedrieglike kleur wees; as jy dit oordoen, kan dit angsts veroorsaak," waarsku Matt. >>

Kopstuk gemaak van Lalegno se saamgestelde eikehout; komsers van Love of Linen; mat van Yudu

Matt, Natalie, Shay en Leo op Kaap St. Francis se strand.



VERFKLEUR

Kleur Space Endless Summer



Ek is mal oor *die boog*; dit raam die ruimte agter dit op 'n sagte manier. – Matt



VERFKLEUR

Kleur Space
Blush



Die MBS Happy-houtstofie is 'n groot pluspunt in die hoofslaapkamer. “Dis vyftien jaar oud; my skoonma het dit uit Brittanje saamgebring,” sê Matt. “Wanneer ek soggens vir ons koffie maak op die stoof se plaat, het ek opnuut 'n waardering vir die eenvoudige dinge in die lewe.” 🏠




Die dubbele boog wat loop na die hoof-en suite tel onder Matt se gunsteling-ontwerpelemente. Die mure is met Sabre se poli-akriel geverf, wat sorg vir 'n duursame en wasbare afwerking.

Spieël van Truth Mirrors; handdoek van Love of Linen

(Regs) Stortvloer afgewerk met Quartz Carpet in die kleur Lime White; plafon bedek met saamgestelde eikehout van Lalegno; handdoek van Mungo; handdoekreling van Jeeves

VERSKAFFERS EN KONTAKTE Deranco facebook.com/deranco DGsiyenza facebook.com/DGsiyenza Ellis Architecture instagram.com/ellisarchitecture Fire Empire fireempire.co.za Gluggle Jug gluggle.co.za Hertex Haus hertexhaus.co.za Jeeves jeeves.co.za Kipekee Studio kipekeestudio.co.za Kleur Space kleurspace.co.za Lalegno lalegno.co.za Love of Linen instagram.com/love_of_linen_plett Mi Designs midesigns.co.za Mungo mungo.co.za Prêt-à-Pot pret-a-pot.com Shelley-Anne Graham shelley-anne.com Truth Mirrors instagram.com/truthmirrors Yudu yudu.co.za

LESERHUIS



Aan die noordekant van die huis kyk die sonnkamer en hoofslaapkamer uit oor die swembadgedeelte. Die slaapkamer het 'n private stoepie waarvandaan Matt en Natalie 'n ogie kan hou as hulle seuns in die swembad baljaar.

Handdoek van Mungo



Familiesake

Met twee ouers in die kombuisontwerp-bedryf het Kendal Prins geweet hoe om 'n balans tussen vorm en funksie te vind terwyl hulle 'n verouderde meenthuis opknep.



'n Eiland was boaan die lys van vereistes toe die nuwe kombuis ontwerp is. Die kookblad is op die eiland sodat die egpaar gelyktydig kan kook én kuier, en die opwaskamer is buite sig sodat die vuil skottelgoed daar weggesteek kan word.

Kombuiskaste en -stoele deur Holly Wood Design Studio; klipwerkblaaie van Sangengalo; handvatsels van Handles Inc.; hanglamp van K.Light

WIE WOON HIER? Kendal en Justin
Prins en hulle hond, Bailey
WAAR Tokai, Kaapstad
GROOTTE 142 m²

Toe Kendal en Justin 'n kleur vir die kombuiskaste en -eiland moes kies, het hulle verskeie verfmonsters probeer om vas te stel hoe die lig in die ruimte dit sou beïnvloed. "Ons wou 'n groen kleur hê met 'n bruin ondertoon, en het ure lank kopgekras daaroor," sê Kendal. "Die kleur is darem nie waansinnig wild nie."

VERFKLEUR

Plascon
Jungle Pride





'n Sambreel met 'n skulprand sorg vir 'n prettige element op die buitestoeop. Kendal se broer Matt het die tafeltjie gemaak.

Meubels van Superbalist; sambreel van Cape Umbrellas; mat van Hertex Haus; handdoek van The Cotton Company; tuinontwerp deur A Cut Above

Nadat Kendal 'n paar jaar in Brittanje gewoon het, was dit net logies om terug te keer na die boomryke voorstad Tokai waar sy grootgeword het. Die oomblik toe sy en haar man, Justin, hoor die meenthuis reg langs haar suster en swaer is in die mark, het hulle gespring. Die landgoed waarop die huis staan, is naby die Tokaiwoud en Constantiaberg. Dis die perfekte plek vir die egpaar omdat hulle graag draf, fietsry en stap.

“Die huis was taamlik verouderd met 'n donker, geïsoleerde kombuis voor en 'n aparte eetkamer en leefvertrek,” sê Kendal.

Maar omdat haar ouers die bekende kombuisontwerpers Ronelle en Vince Muir van Holly Wood Design Studio is wie se huise oor die jare in *Tuis* gewys is, was Kendal gewoon daaraan dat die kombuis elke paar jaar oorgedoen word, en daarom kon sy maklik 'n verbetering in haar eie huis visualiseer. En met pa Vince as die projekontwerper was die gedagte aan 'n totale opknapping darem nie té intimiderend nie.

“Ons was vasberade om ons huis ‘oop te maak’ en 'n groter oopplan-leefgedeelte met 'n kuierkombuis te skep,” sê Kendal. “Ek het reg van die begin af geweet dit moenie 'n vaal ruimte wees nie. Dit moes persoonlikheid hê, en dit is waarom ons die donkerder groenbruin kleur vir die kombuiskaste en -eiland gekies het.”

En al was Justin nie 'n opknapper of binneversierder toe hulle mekaar ontmoet het nie, het hy vinnig begin belangstel in ontwerp toe hy deel word van die familie.

“Hierdie was ons eerste opknapprojek, en ons was albei gaande oor die ervaring!” sê Kendal. >>



Ons het na *minimalisme* toe geneig, en daarom
is daar nie hordes goed wat rondstaan nie. – Kendal



Die ou trap is omgeswaai om meer ruimte onder te
bewerkstellig; die staalstutte is wit geverf en die
houttrappe afgeskuur en weer 'n laag vernis gegee.

Om 'n ou muur vol vreemde uitsteeksel s gelyk te kry is 'n stutmuur gebou – en dis waar die idee van ornamentele nisse posgevat het. “Ons is mal daaroor en verander heeltyd die dekor in die openinge!” sê Kendal. Hulle wissel ook meubelstukke af. “Ons was baie spesifiek toe ons besluit het oor die grootte van die rusbank wat volgens ons in die ruimte sou werk; ons het die groot goed eerste gekoop en daarna die kleiner items ingebring. Omdat ons nie oorhaastige besluite neem nie, het ons vir lank nie 'n koffietafel of leunstoel gehad nie!”



Rusbank van Zorora Sofas;
ottoman van Holly Wood Design Studio;
mat onder ottoman van Zara Home;
ronde mat van Mr Price Home; groot
bolsterkussing van Mungo



'n Splinternuwe voorkoms

Omdat Kendal en Justin albei van die huis af werk, wou hulle 'n kalm ruimte skep met spesifieke dele vir werk en vir leef. Die ou kombuis is in 'n ateljee omskep vir Justin, wat musiekproduksie vir flieks en televisie behartig. Kendal, wat in aanlyn finansiële veiligheid werk, het 'n slaapkamer op die boonste verdieping in haar kantoor verander.

Strukturele veranderinge het ingesluit die platslaan van twee mure onder en die oprigting van 'n strukturele balk om die nuwe oopplankombuis-eet-en-leefvertrek te bewerkstellig. Al die deure en vensters is vervang en die badkamers oorgedoen. Verder het hulle 'n balkon by die hoofslaapkamer aangebou en die onderste toilet is verklein om plek te maak vir 'n opwaskamer.

Viniel wat geplak word, was die ideale keuse vir die vloere, veral omdat Bailey, hulle hond, deel is van die gesin. "Ons het op viniel besluit oor die funksionaliteit daarvan," sê Kendal. "Daar is Bailey, ja, maar ons het ook 'n aktiewe leefstyl en wil nie heeltyd bekommerd wees ons beskadig 'n houtvloer nie. Uiteraard was koste 'n faktor: Omdat dit so 'n groot projek was, wou ons nie te veel bestee aan vloere en dan nie genoeg geld oorbê vir die res van die huis nie."

Uiteindelik het dinge glad verloop, en Kendal sê sy het baie lekker met Vince saamgewerk. "Ons het ons laat lei deur my pa se raad, maar hy het ons ook gelos om al die belangrike besluite te neem."

Gevra of sy haar gevoel vir styl van haar ouers geërf het en hoe haar eie smaak oor die jare ontwikkel het, antwoord sy: "Ek het in lieflike huise grootgeword, met 'n nuwe kombuis elke paar jaar, en omdat ons soveel tyd by Holly Wood deurgebring het, het ek en my sibbes 'n sekere sin vir styl geërf. Ons almal het ons eie estetika, maar ons het geleer van balans tussen vorm en funksie, hoe om 'n sterk voorkoms tot sy reg te laat kom en, natuurlik, hoe belangrik 'n kombuis is!" >>



Kers in glasfles
van Salt + Light Co.



Holly Wood Design Studio se
Shiplap Mudroom-eenheid
is elegante bêreplek in die
ingangsportaal.

Kendal se kantoor is op die boonste verdieping. 'n Lessenaar met 'n skulprand-afwerking herhaal die skulprand-ontwerpe elders in die huis.

Lessenaar pasgemaak deur Holly Wood Design Studio



Die kopstuk in die hoofslaapkamer dien as 'n verdeler tussen die bed en die en suite-badkamer. Elektriesiteit is na die kopstuk aangelê vir lampies en selfoonlaaiers.

Oorgooideken van The Cotton Company

Funksionele en klassieke dekor

Kendal beskryf haar dekorstyl as klassiek, skoon en prakties – met daarby 'n prettige element!

“Toe ons Brittanje toe trek, het dit my opgeval hoe anders die huise daar is. Hulle is meestal kleiner, wat beteken jy moet baie meer dink oor meubels en dekor om seker te maak 'n ruimte is funksioneel,” verduidelik sy.


Al die houtmeubels in Kendal en Justin se huis is uiteraard van Holly Wood Design Studio. “Ek is gek oor hulle stukke,” sê Kendal.

“Ek en Justin hou daarvan om meubels te koop wat sal hou, en daarom is items soos 'n behoorlike rusbank en fantastiese stoele ook vir ons belangrik.

“Al die ekstra goed het ons mettertyd, stadig, bygevoeg om seker te maak dit pas by die styl van die huis. Ek hou byvoorbeeld baie van rusbankkussings, maar ek wil nie soveel daarvan hê dat jy later sukkel om jou sit te kry nie! Alles is relatief skoon en eenvoudig, maar met 'n bietjie karakter.”

Wat kleur betref, is groen 'n groot gunsteling. “Ons het van nature geneig na groen,” sê Kendal. “Ons het ook rooi skakerings in ons stoffeerwerk om 'n kontras te vorm, én hope natuurlike skakerings vir 'n kalm voorkoms.”

Sy en Justin brei gedurig hulle potplantversameling uit en gaan hoofsaaklik vir “bossigerige” plante wat min moeite verg. “Ek gaan kwekery toe en gesels met die mense daar om uit te vind watter plante die beste werk vir badkamers, slaapkamers, vertrekke met baie lig en skaduryke dele, en besluit dan op grond daarvan,” sê Kendal. En as dit kom by die beplanning van 'n huis rondom 'n troeteldier? “Ek is mal oor honde en wil hê hulle moet tuis voel hier, en daarom is daar oral in die huis vir Bailey bedjies. Ek wou nie 'n huis hê wat voel of dit nie deurmekaar mag word nie.” 🐾



Wasbak van Bathroom Bizarre; teëls van Decobella; spieël gemaak deur Kendal se broer Matt

VERSKAFFERS EN KONTAKTE A Cut Above 083 265 9756 ADP Construction adpconstruction.co.za
Bathroom Bizarre bathroom.co.za Blutide blutide.co.za Cape Umbrellas capeumbrellas.com Decobella decobella.co.za
Handles Inc. handlesinc.com Hertex Haus hertexhaus.co.za Holly Wood Design Studio hollywooddesignstudio.com
K.Light klight.co.za Mr Price Home mrphome.com Mungo mungo.co.za Salt + Light Co. saltandlightcompany.co.za
Sangengalo sangengalo.co.za Superbalist superbalist.com The Cotton Company thecottoncompany.co.za
Zara Home zarahome.com Zorora Sofas zororasofas.co.za

Justin het baie gehou van die gedagte van 'n terrazzo-vloer vir die badkamer, en die muurteëls komplementeer die voorkoms perfek.

Kendal is mal oor strepe wat met teëls verkry word en het gedink die gastetoilet (oorkant, regs onder) is die perfekte plek om met dié voorkoms te spog.

Muurteëls van Decobella;
vloerteëls van Bathroom Bizarre;
badkamerkassie van Holly Wood Design Studio; wasbak en krane van Blutide; spieël van Hertex Haus; handdoek van The Cotton Company

Stap deur die dekorstilis Karin Orzol se dinamiese, sielvolle tuiste en kry inspirasie om jou kosbaarste hartsgoed deel van jou dekor te maak.

LAAT JOU HUIS *jou* storie vertel

Teks en produksie Marian van Wyk

Foto's Karl Rogers

Boeke is deel van Karin se kleintyd-herinneringe. "Ons moes seweur saans in die bed wees, maar kon tot agtuur wakker bly mits ons lees," onthou sy.

KREATIEF MET BOEKE

Karin het 'n groot boekversameling, maar nie 'n enkele boekrak nie. Sy pak haar boeke graag op ongewone maniere: klein stapels op 'n toonbank in die kombuis, 'n toring op die eetkamervloer, en in 'n treffende ry op die muur om die trapsekag, soos op hierdie foto. "Ek wou nie die rugkante se kleur deel van my dekor maak nie. Dis vir my heerlik om 'n boek uit te trek en om te draai; ek weet altyd dadelik of ek dit drie keer of net een keer gelees het."

WIE WOON HIER?

Karin Orzol en haar aanneemhond, Seun

WAAR Vishoek,

Kaapstad

GROOTTE 134 m²

KYK OP!

Danksy 'n ekstra hoë plafon is proporsie en hoogte deel van Karin se geheime dekorarsenaal. "Hoekom sou mens alles op dieselfde hoogte hou?" mymer sy. Sy woeker met van oorgroot kuns en dramatiese hanglampe tot 'n branderplank en fiets net onder plafonhoogte (*sien bl. 48 en 50*) in die vertikale ruimte. >>

"In die kombuis verkyk ek my aan hoe die lang kables van die tros Rialheim-hanglampe jou oë na die plafon lei," sê Karin. "Toe twee van die lampskerms breek, het ek bloot terracotta-potte swart geverf en dit gehang." Sy gebruik oorgroot plantpote om die kombuis van die eetkamer te "skei".

**VERFKLEUR**

Builders Fired Earth
Fist Time

LAAT ELKE STUK DANS

Die agtergrond maak saak. In die leefvertrek is 'n geliefde swart fiets teen 'n wit muur afgeëts, terwyl 'n treffende groen kas spesiale objekte en kuns 'n oomblik in die kalklig gee. Karin het nuwe lewe in 'n versameling vuisvoos landskapskilderye geblaas deur sommige in swart verf te doop en die woord "forget" op een te verf. "Ek het R15 stuks by rommelwinkels vir van my kuns betaal; jy hoef regtig nie groot geld uit te haal as jy 'n galerymuur wil skep nie," sê sy.

Karin Orzol se woonstel in Vishoek is weliswaar 'n kompakte 134 m² wat wemel van onthougoed uit haar loopbaan as stilis, maar die oorheersende gevoel is pure harmonie en balans. Dié kranige versamelaar van memorabilia kombineer nostalgie en estetika spontaan.

“Ek skep graag klein verrassings,” vertel Karin. Haar geheim is om keuses goed te deurdink: artikels wat 'n tema, palet of sentiment gemeen het. “Dit gaan oor hoe jy dinge bymekaargooi om jou knus en gelukkig te laat voel,” verduidelik sy.

En sowaar, sodra jy die bopunt van die trappe na haar woonstel bereik, wys 'n enorme Johannesburgse landskap deur die kunstenaar Hermann Niebuhr die pad aan na die visuele fees wat jou inwag.



Die voordeur is op grondvlak. 'n Stel trappe neem jou reguit na Karin se woonstel op die eerste verdieping.

Teëls van Cash Tiles




Skep diepte en balans

'n Versameling rouhoutobjekte wat soos huisies lyk (*bo links*), is 'n huldeblyk aan Karin se Johannesburgse wortels. “Ek het hulle van afvalhout laat maak vir 'n geselligheid by Soho House ('n klub vir kreatiewe mense) met die tema 'Love of Johannesburg'. Haar groeperingtegniek verleen diepte en balans aan die versameling: Karin het die langer huise aan die agterkant geplaas, en die korter huise voorlans, soos jy mense vir 'n groepphoto sou laat staan. “Verskillende hoogtes maak 'n groepering interessanter,” sê sy.

'n Skinkbord is nuttig as jy kleiner objekte saam wil groepeer, soos Karin met haar insekbeelde gemaak het (*bo regs*). >>

'n Versameling kanttafels van rou hout wat Karin oor die jare versamel het, pas haar ruimte beter as 'n groot koffietafel. “As vriende inloer, sê ek sommer ‘sleep net 'n tafel nader’. En soms span ek hulle in as ekstra sitplek.”





Meubels is ook onthougoed


Van Karin se mees geliefde stukke is nie snuisterye nie, maar meubels: 'n eetkamertafel (*links*) wat die "littekens" dra van kosfotosessies, asook haar (nou afgetrede) pa se goed deurleefde gemakstoel (*bo*) wat hy in sy loopbaan as sielkundige gebruik het. Karin aanvaar dié stukke se imperfeksies as tekens van 'n goeie en genotvolle lewe.

"In kontemporêre argitektuur is 'n 'vervelige ou stoel' soos hierdie 'n treffende element," sê sy. En des te beter as jy self deel is van sy geskiedenis. "My pa het altyd 'n sportbaadjie met knope op die moue gedra; dis hoe die armleunings so verweer het. Ek sal dit nooit herstoffeer nie."



HOU DIT PLEK-PLEK RUSTIG

'n Wit kas vol glasware en monochromatiese keramiekware gee jou oë 'n blaaskans in die andersins eklektiese leefvertrek. Die monochromatiese tema laat alledaagse objekte soos 'n bak of beker tot hulle reg kom. Dié uitstalkas wys hoe 'n mate van selfdisipline met versamelings net so 'n treffende eindproduk kan lewer soos 'n waaghalsige benadering. Die drie voëls is 'n prettige element wat Karin aan haar kinderdae herinner. >>





“Ek doen dinge graag effens anders as die voorspelbare,” sê Karin oor die oorgroot tuinvurke in haar badkamer. Haar ma het haar dooprok (*oorkant, onder regs*) laat raam, en dit het ’n spesiale hangplek bo die wasbak, waar sy dit ’n paar keer per dag kan sien.

Hoekom sou mens *nie* kuns in die badkamer hê nie? – Karin



HOU BY 'N TEMA

Karin groepeer haar aandenkings – soos haar oupa se kraffies en haar versameling hande (*regs*) – volgens 'n tema, daarom lyk haar uitstallings gesofistikeerd en nie bloot soos opgaargoed nie. “Die kraffies vertel my oupa se storie, terwyl sommige hande tweedehandse kopies was, en ander geskenke van goeie vriende. As stilis werk ek immers met my hande,” sê sy.



Die poustoel was 'n impulsiewe kopie, en is Karin se gunsteling-leesstoel.

GROEPEER VOLGENS KLEUR

Op die balkon skep 'n versameling geliefde blou borde 'n tapisserie van herinneringe. As jy fyn kyk, sien jy 'n subtiële choreografie: Borde wat min of meer ewe groot is, is in 'n reguit lyn gehang wat onderbreek word deur kleinbordjies, wat ritme en afwisseling skep. Só word eentonigheid vermy. “Van die borde is vriende se handewerk, terwyl die een met die blommotief heel regs uit 'n breekwarestel van my ma kom. Dit bring soveel herinneringe terug,” mymer Karin.



'N PALET WAT HERHAAL

In die slaapkamer het elke werk op die galerymuur sentimentele waarde. Die skets (*links*) is deur Karin se oorlede suster, Jeani Coetzee, en die portret (*regs*) deur Mariëtte Bergh. >>

Die strepe op die muur en kleurrike tekstiele was 'n *vinnige*
oormoekprojek verlede winter toe ek vreeslik na
die somer uitgesien het. – Karin

VERFKLEUR

Plascon
Crystal Sea

VERFKLEUR

Builders Fired Earth
Fist Time

Die helder kleure
in die kunswerke
op die galerymuur
(oorkant, onder regs)
word in die bedlinne
herhaal, en só skep
Karin 'n harmonieuse
kleurskema. Soos met
al haar versamelings is
daar 'n gemene deler
wat eenvormigheid skep
in die onvoorspelbare
dekor hier: Al die
motiewe is geometries
en sluit sirkels,
reghoeke en strepe in.
Die skilderye is deur
David Moore.



KOPIES

Metaalstaanlamp met pou (162 cm H)
R1 800, Mr Price Home

Ons hou hiervan!

Ligpers blaasglas-
trofeevas (30 cm H)
R999, Poetry

Kom saam winkels toe!

Saamgestel deur Beatrice Moore-Nöthnagel

Handgeweefde mat met 'n skulprand (300 x 200 cm) R7 999, Poetry



Abstrakte swart
houtkershouers
(19-33 cm H)
R199-R259,
Iconomy

Groen keramiek-
pynappel (32 cm H)
R695, Block & Chisel

Gebreide strooikussing
met tossels (45 cm D)
R399, Woolworths



Olyfgroen Savion-
stoel R4 999, Cielo



Rosha-blomstoel van rottang
R4 500, Mr Price Home



Gone Rural-mandjies met deksels
(stel van 3; 15-24 cm H)
R1 199, Yuppiechef

Oddjects-kussingootreksel in die kleur
Persimmon (50 x 50 cm) R625, Skinny laMinx

Die **grootste** meubelvervaardiger ter **wêreld**



www.ashleyfurniture.co.za | **Centurion** | Tel: 012 749 3100
65 Landmarkslaan, Kosmosdal, Centurion, 0157

Aan my kant

VOEG PERSOONLIKHEID BY MET 'N
DEKORATIEWE KANTTAFEL OF STOELTJIE

Dolly-kanttafel
(45,5 cm D)
R3 790, Douglas
& Douglas

Keramiek-kanttafel
in die kleur Dune
Olive (46 cm H)
R4 999, Incanda

Urchin Wave-stoeltjie
in die kleure Bamboo en
Mother-of-pearl (56 cm H)
R3 625, Bespoke Home

Sabie-ottoman met botaniese
motief (40 cm D) R649,99,
Mr Price Home

Niah-kanttafel van kunsrottang
met 'n glasblad (62 cm H)
R3 990, Patio Warehouse

Voel verlig

WEES WAAGHALSIG AS JY 'N NUWE
HANG- OF STAANLAMP KIES

Mist Meadow-lamp
(67 cm H) R3 495,
Block & Chisel

Beacon-hangligte vanaf
R3 500 elk, Hertex Haus

Arc & Hue se draagbare en
herlaaibare Poppy-LED-lamp
(beskikbaar in 3 kleure;
25 cm H) R799,
Yuppiechef

Canvas Studios se
gestreepte stringlamp
(25 cm H) R1 399, Bash

Tulip-hanglamp
van papierstringe
R1 945,
K.Light



SUNNINGDALE
sanitary & plumbing supplies



DURBANVILLE
sanitary & plumbing supplies cc



TOKAI
sanitary & plumbing supplies cc



BRACKENFELL
sanitary & plumbing supplies cc



Stylvol

LEEF VIR ELKE DAG

Ontdek hoe vorm en funksie saamvloei in hierdie moderne toevlugsoord.

Keurige toebehore en afwerkings beskikbaar by Durbanville, Tokai, Sunningdale en Brackenfell Sanitary & Plumbing Supplies.

Durbanville - Tel: 021 975 1930 | Eenheid 8 Cattle Baron-sentrum | Maraisstraat | Durbanville

Tokai - Tel: 062 048 5989 | Factory A | Eenheid 3 & 4 Honeywell-straat | Tokai

Sunningdale - Tel: 087 997 1055 | Blok A | The Emporium | H/V Woodlandsweg & Sandownstraat | Sunningdale

Brackenfell - Tel: 021 020 1703 | Winkel 7-10 | Aroma Village-sentrum | Old Paarl-weg | Brackenfell

HIER'S ONS TOP-9!

R120 000 in kontant kan
gewen word in ons jaarlikse
Regruk met Flair-kompetisie
in samewerking met Gelmar.
Ontmoet ons finaliste vir 2025.



Wil jy graag nóg van vanjaar
se *Regruk met Flair*-projekte
sien? *Tuis Opknop* 2025/26,
'n dubbeldiktydskrif van
160 bladsye, is nou te koop.
Dis gepak met inspirasie
en kennersraad; kry dit by
'n supermark naby jou.
Sukkel jy om dit in die
hande te kry? Stuur 'n e-pos
aan redakteur@tuis.co.za.

DIE PRYSE

Die **wenner** in elke kategorie
ontvang **R30 000**.

Die **naaswenner** in elke
kategorie ontvang **R10 000**.

B&V's geld.

Hier is ons finaliste in elke kategorie (in geen spesifieke volgorde nie):

1 SO MOOI!




WIE Inance van der Merwe
WAAR Kroonstad
WAT Hele huis



WIE Paul en Kate Coetzee
WAAR Swellendam
WAT Hele huis




WIE Kendal en Justin Prins
WAAR Kaapstad
WAT Hele huis >>



2 UIT DIE BOKS


WIE Cenette en Stéfán Koekemoer
WAAR Somerset-Wes
WAT Badkamer




WIE Yentl Bruwer
WAAR Robertson
WAT Woonwa



WIE Hettie Lourens
WAAR Klerksdorp
WAT Tuiskantoor >>



Die Onerkende Helde van jou Hardwerkende Kombuis





Vir elke glad bewegende laai en perfek
opgelynde kas deur is daar kwaliteit
toebehore wat hier die harde werk doen.
Gelmar-lopers, skarniere en handvatsels is
ontwerp vir daaglikse prestasie. Want jou
kombuis moet so goed voel soos dit lyk.

Gelmar

Koop aanlyn by gelmar.co.za of besoek
een van ons **52 winkels** landwyd

3 SELF GEDOEN

WIE Emma Penfold
WAAR Plettenbergbaai
WAT Kombuis



WIE Chris von Wielligh
WAAR Paarl
WAT Buitekuierarea

WIE Petro en Fanie Kruger
WAAR Kaapstad
WAT Kombuis



Wil jy graag die ander inskrywings in elke kategorie sien?

Skandeer die QR-kode hieronder en klik op "ENTRIES" bo-aan die bladsy. 📱



DIS 'N LEEFSTYL!

Milestone Kitchens se kombuis- en ander kaste doen gewoonlik self die 'praatwerk', maar hier is 'n paar mooi woorde van tevrede klante ...

Milestone Kitchens het my droom laat leef! Hulle was regdeur die proses doeltreffend, geduldig en goed georganiseer, en daar was deurgaans goeie kommunikasie. Die uitdagende logistiek daarvan om my kombuis van KZN na die Wes-Kaap te skuif is foutloos uitgevoer. Ek is so in my noppies en beveel Milestone Kitchens uit die diepte van my hart aan as dit kom by die transformasie van die belangrikste vertrek in jou huis!

– *Thea, Mosselbaai*

Toe ons besluit om 'n huis in die landelike styl te bou, is ons na Milestone Kitchens verwys. Ons het deurgaans uitstekende diens gekry – van ons eerste ontmoeting in die Johannesburgse toonkamer tot 'n besoek aan die fabriek. Ons kombuis is pragtig! – *Henda, Dullstroom*

Ek het verlief geraak op Milestone Kitchens se elegante plaasstyl eenhede toe ek hulle reeks in die Woodstockse toonkamer besigtig. Ek het hulle Raw-reeks gekies wat vir my die beste pas by my huis. Die personeel het uit hulle pad gegaan om in my behoeftes te voorsien. Ek hou veral daarvan dat die eenhede na hartelus rondgeskruif en aangevul kan word. – *Connie, Kaapstad*

My kombuis is mooier as wat ek my ooit kon voorstel, en dis boonop ongelooflik goed gebou. Dit is met soveel liefde gedoen! – *Robyn, Sedgfield*

2010
Milestone
KITCHENS
freestanding designer kitchens

Pophuis- *mooi*

Deur Haidee Muller-Isaacs • Foto's Greg Cox
Produksie Marian van Wyk

Die hortjies op die voorstoep is dieselfde kleur gevef as die hoofslaapkamer se mure. Die eens grys stoepvloer is nou wit.

VERFKLEUR

Plascon
Feather Ferns

Swart keramiekplantpote, muurlampe en rottangstoele (kussings deur La Pop oorgetrek met materiaal van Hertex) van Facebook Marketplace

tuis home **gelmar**
REGRUK
MET FLAIR
FINALIS

Met die hulp van die dorp se dekorghoeroe het die kreatiewe Coetzees 'n Swellendamse erfenishuis vernuwe en in sjarmante gasteverblyf omskep.

KOMBUIS

Die Coetzees wou 'n knus, gesellige kombuis hê wat darem luuks ook voel. Kate, 'n opgeleide leerlooier, bedryf deesdae die drukonderneming Sign-Right, en dis waarvandaan die plakpapier kom. Tesame met die houtrakke en -oppervlakke sorg dit vir interessantheid; dit bring daardie ekstra tikkie luuksheid na die kombuis. "Ons het rondgespeel met ontwerpe tot ek gelukkig was. Dit verander regtig die estetika en gevoel van 'n plek," sê sy. "Ons het so tien dae aan die ontwerp gewerk en nog twee om dit te druk."

WIE WOON HIER?

Paul en Kate Coetzee

WAAR Swellendam

GROOTTE 157 m² (huis en motorhuis)

VERFKLEUR

Plascon

Urban Rock

Tafel en stoele van May-Bi; stoelkussings deur La Pop oorgetrek met materiaal van Hertex; grasmat van Malawi tweedehands gekoop

Die erfenishuis in Swellendam se “ou dorp” het met die eerste oogopslag hulle harte gesteel. Dit het hulle herinner aan ’n regte klein pophuis. En Paul en Kate Coetzee was dit eens: Dié afgeleefde kothuis kort net ’n bietjie liefde – iets wat hulle meer as bereid was om te gee. Daarom het hulle die huisie opgeraap en B’s Cottage gedoop met hulle tienjarige dogtertjie, Brigita, in gedagte.

Die idee was om eers nuwe lewe in die kothuis te blaas en dit dan te verhuur. Die egpaar, wat vier jaar gelede uit Komani (Queenstown) in die Oos-Kaap na die Overberg verhuis het, wou lig, warmte en gesellige samesyn skep in hulle nuwe eiendom, met ’n perfekte balans tussen erfenis-elemente en kontemporêre gemak.

Dit was vir die Coetzees ononderhandelbaar dat die huis se historiese waardigheid gerespekteer moes word. Die plaaslike argitek Tanja Kruger, wie se erfeniskennis wyd strek, is toe opdrag gegee om die planne op te trek – en tussen Mei en Oktober 2024 is fluks gebreek en gebou.

En ta-da! Daar word die eens donker, beknopte drieslaapkamer-huis omtower in ’n oopplan-blyplek vol lig en lewe, met twee

stylvolle slaapkamers, twee moderne badkamers en ’n splinternuwe kombuis. Die toevoeging van ’n braaiplek asook ’n buitenshuise warmbad van Tickle Tub het die hele transformasie voltooi.

Vanaf Januarie verlede jaar is die blinknuwe sikspens verhuur, maar teen Maart het die Coetzees besluit om dit eerder in gasteverblyf te omskep. Die dekor het egter ’n ervare hand gekort.

Dis toe dat hulle besef ook hiervoor hoef hulle nie ver te soek nie. Die dekorghoeroe Marilouise van der Merwe is ’n alombekende in die dorp se gastebedryf en hartstogtelik oor binneversiering.

“Ons ken haar al sedert 2019. Ons het een of twee keer koffie gaan drink, gesels en sy het voorgevat en laat waai met ons idees,” vertel Kate.

Maar met Marilouise aan die stuur van sake sou hulle hul plek moes ken, tipp Paul laggend in. “Ek het nog hier en daar kortpaaie probeer vat, maar sy het gou ’n stokkie daarvoor gesteeek.

“Ons het sewe maande lank saam met Marilouise gewerk, want ons het baie spesifieke meubels, skilderye en afwerkings gesoek. Ek het wyd gery om alles te gaan haal, maar die eindprodukt is absoluut pragtig.”



Paul het gedroom van ’n wit paaltjiesheining, maar omdat dit ’n erfenishuis is, kan jy nie veel peuter aan die muur en selfs die horisontale pale tussenin nie, verduidelik hy. “Ons wou vertikale pale hê, maar volgens erfenisregulasies moes dit horisontaal bly soos die oorspronklikes. Die nuwe dwarssparre is in ’n staalraam geïnstalleer en grys geverf.”



Hierdie ruimte (*onder*) wat nou deel van die nuwe kombuis is, was eers 'n badkamer. Die mure van die badkamer is uitgebreek en die kombuis vergroot. Maar toe is daar 'n hoek wat kaal en eensaam vir hulle loer. “Ons het 'n spieël teen die muur aangebring om 'n bietjie diepte aan die vertrek te verleen en die blou bank is ideaal as iemand daar wil sit en lees of bloot ontspan en gesels met wie ook al in die kombuis aan't kook is.”

Chaise longue van May-Bi deur La Pop oorgetrek met turkoois fluweel van Hertex; kussing van India Ink; rak geïnstalleer deur Pionier Meubels; plakpapier van Sign-Right; spieël van Facebook Marketplace



Die deur na die oorspronklike badkamer is nou uitstalplek vir silwerware en glase. Die plakpapier agter die sweefrakke is elders in die kombuis herhaal.



Kate en Paul
Coetzee

VERFKEUR

Top Paints Chinese Porcelain

‘Ons sal dit weer doen’

Hulle wou 'n nuwe blaadjie omslaan en juis dít het die Coetzees aangevuur om na die Overberg te trek. Eintlik het Paul al in 2017 tydens 'n werkreis besluit dat Swellendam hulle volgende tuiste sou wees. Maar tussendeur het daar baie water in die see geloop. Die gesin het in 2018 daar vakansie gaan hou en rondgeloer vir 'n skool vir Brigita.

“Ek het dertig jaar in die motorbedryf gewerk en in 2019 die besigheid verkoop,” vertel Paul. “Maar op Swellendam het 'n paar aanbiedinge eers deur die mat geval voor ons uiteindelik in 2022 ons eie huis uit 1932 gekoop het.” Eers is dié huis opgeknep – en die regruk-gogga het gebyt. Die Coetzees was vuur en vlam en lus vir nog 'n projek toe B's Cottage heel toevallig oor hulle pad kom. Die transaksie is in April 2024 beklink.

“Die munisipaliteit reken die huis is tussen 100 en 110 jaar oud, maar daar is geen rekord nie en ons probeer dit nog opspoor. Ons weet wel dit was van die eerste huisies op die dorp,” sê Paul.

En nou staan B's Cottage haar plekkie in Fairbairnstraat waardig vol – 'n verwaarloosde ou pophuis wat in 'n lus-vir-die-oog-toevlugsoord omskep is.

Nee wat, hulle skrik nie vir koue pampoen nie, selfs nie ná twee intensiewe huisopknappings nie. “Ons sal dit beslis weer doen,” sê Kate. “Ons het so baie geleer. Die bevrediging van iets mooimaak is vir ons lekker.” >>



Die antieke Spaanse stoel het die paartjie by Marilouise oorgekoop en met leeuvel laat oortrek.

Teëls van Langeberg Teëls; antieke metaallamp van Facebook Marketplace



VERFKLEUR

Plascon Indian Ivy



3 vrae aan die eienaars

Wat was die duurste verrassing van die opknapping?

Die mure, want dit was nog “moddermure” – ongebakke kleisteen uit die ou dae. Ons moes dit alles regmaak, weer pleister en verf.

Wat was die grootste besparing?

Ons kon baie van die materiaal hergebruik of net sekere goed skuif – soos die motorafdak. Ons het die hele struktuur net so geskuif na daar waar ons dit wou hê langs die huis.

Wat sal julle volgende keer anders doen?

Ons aanvanklike gedagte was om die huis te verhuur en ons het dit ’n paar maande lank gedoen. Toe sê iets vir my dié plek het baie meer potensiaal. Maar ons moes die dekor aansienlik verander en het toe die mure in verskillende kleure geverf, wat ’n ekstra onkoste was. Op die ou end moet jy presies weet wat jy wil doen voordat jy begin regruk: Wil jy die plek verhuur, gaan jy dit omskep in ’n gastehuis of gaan jy dit net regmaak en verkoop? Ons het nou ons les geleer en as ons weer so ’n projek aanpak, sal ons eers besluit wat ons daarmee wil doen voordat ons begin met die opknappings.

Marilouise het dié boeke by ’n tweedehandswinkel op Swellendam gekoop. “Ons voel sterk oor hergebruik, herwinning en minimale vermorsing, en dit was ook die benadering in die kothuis,” sê sy.

Boeke van Bokmakiri Boeke

TV-kabinet van Anouk Furniture & Decor; smeulstofie van Woodstove Emporium SA; kalbaskruike van Malawi Furniture; koperskinkbord met glaskrale van Jambo; kandelaar en tafellamp van Facebook Marketplace

SITKAMER

Die antieke leunstoel in swart fluweel is 'n tweedehandse kopie. "Die vorige eienaar het gesê dis eintlik ingevoerde Italiaanse stoele. Ek het natuurlik baie minder daarvoor betaal as hy!" Die kabinet huisves die TV-stel en ander elektroniese ware. Bo-op die kabinet verleen kalbaskruike tekstuur. Die kunswerk teen die muur is een van Paul se familie-erfstukke. Ook tweedehands uitgesnuffel is die turkoois kandelaar, ronde tafel en wit tafellamp. >>



Om die interieur bymekaar te trek het die egpaar hierdie teëltjies gebruik om die vloer op te vul waar mure uitgebreek is. "Dis die skakel tussen oud en nuut," sê Kate. "Nou kan gaste sien waar daar eens mure was en dis ook ons manier om die oorspronklike huisie te eer."

HOOFSLAAPKAMER

Die hoofslaapkamer het eers nie 'n en suite-badkamer gehad nie. Die Coetzees het die huis se oorspronklike derde slaapkamer verdeel in 'n en suite-badkamer en 'n gastebadkamer. Die bedkassies is 'n stel wat hulle reeds gehad het. Die besondere spieël kom oorspronklik uit Italië en Paul het dit oorgekoop by 'n vrou van Kaapstad wat nie meer plek daarvoor gehad het nie.

Deken, strooikussings en bedlinne van India Ink; papegaai-afdrukke van Cabo Design; bedlampe met marmervoetstukke van Facebook Marketplace

VERFKLEUR

Plascon Feather Ferns



BADKAMER

'n Smal houttafel bied ekstra neersitplek omdat die badkamer redelik klein is. Die kandelaar is nog 'n snuffelvonds. Die oorspronklike bad is behou. >>

Plakpapier van Sign-Right; tafel en kandelaar van Facebook Marketplace



Selfs die gastebadkamer ([links](#)) spog met kuns.

Kunsafdruk van Sign-Right; raam van Mr Price Home; kas en handvatsels van Pionier Meubels; teëls van Langeberg Teëls; spieël van Facebook Marketplace

GASTEKAMER

VERFKLEUR


Plascon Old Cobblestone

Dié stel toletjiesbedjies het Marilouise tweedehands opgeraap. Die blou bedkassies is oorspronklik van Block & Chisel en was reeds in dié kleur geverf. Nes die appelgroen kandelaar is dit ook 'n tweedehandse kopie. “Ek moes soek vir spesifieke items wat bydra tot die eklektiese gevoel van die interieur – ek hou baie van die vermenging van kleur, styl en tekstuur en die gebruik van verskillende meubelstyle,” sê sy.

VERFKLEUR

Dulux Indian Ivy


Dekens en bedlinne van India Ink; mat van Hertex Haus; beddens, bedkassies, kandelaar en strooikussings van Facebook Marketplace; Orla Kiely-sak stilis s'n



Wat hulle gedoen het ...




Die huis was aanvanklik te “kamertjierig”, wat dit baie beknop laat lyk het. Vanaf die voordeur was daar ’n smal gangetjie na die binnekant met drie slaapkamers regs.




Tussen die eetkamer en leefvertrek was daar ’n muur met ’n deurgang. Die Coetzees wou een ruim leefvertrek skep en het dié muur asook die gangmuur heeltemal verwyder.



Daar was twee badkamers: een agter die kombuis en een links daarvan. “Die agterste een was vir ons op ’n baie vreemde plek,” sê Paul. “Die hele badkamer is uitgebreek en omskep in ’n opwaskamer wat aansluit by die kombuis.”



Die kombuis voordat dit ’n luukser nuwe baadjie gekry het. Die deur het gelei na die badkamer wat nou die opwaskamer is.



Die derde slaapkamer voordat dit in twee nuwe badkamers verdeel is – een ’n en suite vir die hoofslaapkamer en die ander ’n gastebadkamer.



Die opwasgedeelte is omskep in ’n binnehof (nie sigbaar op foto) met ’n braaiplek en buitelug-warmbad.

KENNERSRAAD

Skep die ideale dekor vir jou gastehuis



Marilouise, wat vroeër in die skoonheidsbedryf gewerk het, het die gasvryheidsbedryf betree nadat die gesin uit die Noord-Kaap na Swellendam verhuis het. Hier leef sy haar liefde vir ontwerp en interieur uit. “Dit het alles baie organies ontwikkel. Nou help ek ook ander gastehuseienaars met die ontwerp van hulle plekke,” vertel sy.

Die kothuis is ’n erfenisgebou in die land se derde oudste dorp, daarom sou antieke meubels altyd deel van die prentjie wees, maar sy wou dit vermeng met moderner items. “Tekstuelelemente soos grasmatte en meubels geverf in ryk groene en bloue bring daardie bietjie eklektiese drama na die historiese huisie. Kleur, kuns en interessante dekorstukke gee jou gaste-eenheid ’n unieke identiteit.”

Ewe belangrik vir gasteverblyf is funksionaliteit en gemak. “Veral slaapkamers moet ’n ontspanne atmosfeer hê, wat

verkry kan word deur bepaalde verfkleure te gebruik, altyd saam met goeie wit linne.”

Dan, vir daardie persoonlike aanslag, ’n klein seleksie van jou gunstelingboeke. En plante. “Potplante skep ’n welige gevoel. Kies dus die regte plant vir ’n spasie en versorg hulle gereeld.” Plante soos die vioolblaarvy (*Ficus lyrata*), rubberplant (*Ficus elastica*), bamboespalm (*Chamaedorea seifrizii*) en *Philodendron*-en *Thaumatococcus*-variëteite floreer in die meeste dele van die huis met goeie lugvloei en gefiltreerde sonlig, sê sy.

“Maar bowenal moet jou gaste-eenheid skoon en vars wees; ’n wegbreekplek waar gaste wêlkom voel.”

KONTAK info@fazendaswellendam.co.za 📍

VERSKAFFERS EN KONTAKTE Anouk Furniture & Decor anoukfurniture.co.za B's Cottage 082 496 1278 Bokmakiri Boeke [instagram.com/bokmakiribooks](https://www.instagram.com/bokmakiribooks) Cabo Design cabodesign.net Facebook Marketplace [facebook.com/marketplace](https://www.facebook.com/marketplace) Hertex hertex.co.za Hertex Haus hertexhaus.co.za India Ink indiaink.co.za Jambo jamboimports.co.za Langeberg Teëls langebergteels.co.za La Pop lapopinteriors@gmail.com Malawi Furniture malawifurniture.co.za May-Bi [instagram.com/mayandbianca](https://www.instagram.com/mayandbianca) Mr Price Home mrphome.com Pionier Meubels pionierbk.co.za Plascon plascon.co.za Sign-Right signright.co.za Tanja Kruger tanjakruger8.wixsite.com/tanjakrugerargitek; [instagram.com/tanjakruger_architect](https://www.instagram.com/tanjakruger_architect) Tickle Tub tickletub.co.za Top Paints toppaints.co.za Woodstove Emporium SA [facebook.com/woodstoveemporiums](https://www.facebook.com/woodstoveemporiums)

'n Bloesende skoonheid

'n Outydse buffet kry 'n kleur-opkikking – op meer as een manier!

Deur Shelly Bergh
Foto's ER Lombard

DIE UITDAGING

Hoewel die buffetkas met sweefrakke bo nog funksioneel was, het dit maar effens oes begin lyk. Teen die liggrys fokusmuur – in die donker eetkamer – het die grys deure en donker blad die ruimte outyds en vaal laat lyk (*sien inlas onder*).

DIE OPLOSSING

Nuwe roospienk melamiendeure en -sypanele, geborselde goue handvatsels, 'n blad met 'n marmerafwerking wat deur rakke van dennehout gekomplementeer word, 'n geteëlde spatmuur en 'n blospienk verfkleur teen die muur dra alles by tot 'n stylvolle, moderne opkikking.

VERFKLEUR

Duram Confetti Bush

VOEG KLEUR BY

'n Enkele aksentmuur kan outyds lyk. Verfris jou ruimte deur kleur by te voeg teen minstens twee aangrensende mure, indien nie die hele vertrek nie. Hier is die mure, vloerlys en kroonlys alles dieselfde skakering van pienk gevef – dis die perfekte warm neutraliseerder vir die donker eetkamer.

Wenk Vir die beste resultate gebruik Duram se Classic Matt teen die mure en NuGlo ('n emaljeverf met 'n waterbasis) op die vloerlys.

VERFKLEUR

Duram Smooth Amethyst





Shelly Bergh

SPATMUUR

Italtile KitKat-teëls in
Salmon en Khaki

WERKBLAD

PG Bison Formica LifeSeal
in Malbacco

KRY DIE GEVOEL

Die deure en sykanke van die buffet spog met PG Bison se MelaWood in 'n warm grysbruin-pienk skakering. Dit word gekomplementeer deur 'n blad met 'n sagte, marmer-geïnspireerde voorkoms.

Let wel PG Bison verskaf nie borde direk aan die publiek nie. Die Board Store het al die nuwe stukke gesny volgens die afmetings van die ou deure en blad. Vra jou plaaslike verskaffer.

DEURE

PG Bison MelaWood
in Naran met SupaMatt-
afwerking

GAAN VIR GOUD

Versteekte goue handvatsels vorm die perfekte afronding. Met die installasie is dit glad nie nodig om gaatjies in die voorkant van die kasdeur te boor nie.

DEN-PERFEK

Herwonne houtrakke is vervang met dennehoutplanke wat in dieselfde lengte as die buffet gesny is sodat 'n meer simmetriese voorkoms verkry word. Drie lae Woodoc Interior-seëlmiddel is aangeverf om die hout te beskerm en aan die rakke 'n vars glans te verleen.

SOETE STREPE

Laastens het ons die "wow"-faktor bygevoeg met twee kleure KitKat-teëls vir die spatmuur. Strepe is tydloos en altyd in die kol! Die roomys-skakerings Salmon en Khaki verleen aan die spatmuur 'n speelse kontemporêre gevoel.

Verf van Duram;
melamiendeure
en -oppervlakke
van PG Bison;
handvatsels van
Gelmar; teëls
van Italtile

BLAAI OM VIR STAP-VIR-STAP-
INSTRUKSIES →



Buiten Salmon en Khaki is dié mat KitKat-mosaïekvelle van Italtile ook beskikbaar in die kleure Lilac, Baby Blue en Cream Soda – jy kan heerlik meng en pas vir jou eie ontwerp.


TEËL SÓ DIE SPATMUUR Jy benodig

INKOPIELYS



- KitKat-teëls in twee kleure
- bindmiddel (*keycoat*)
- gekoopte sementmengsel
- mosaïekgom
- voegbry

GEREEDSKAP

- waterpas
- maatband
- troffels
- emmers vir mengwerk
- verfkwas • spons
- handwerkmessie
- skrapper
- voegbryskraper ("grout spreader")




1 Merk die deel wat jy wil teël. Gebruik 'n waterpas om die boonste lyn te trek; dit sal as 'n gidslyn dien. **2** Merk die middel van die blok.



3 As jy 'n geverfde muur teël, moet jy eers die oppervlak voorberei met 'n bindmiddel-en-sementmengsel. Gebruik 'n troffel om die mengsel (1 deel bindmiddel vir elke 2 dele gekoopte sementmengsel) in 'n emmer te meng. **4** Gebruik 'n verfkwas en verf hierdie mengsel

aan oor die stuk muur wat jy wil teël. Wag vir ongeveer 2 uur of tot die sementmengsel heeltemal droog is. **5** Gebruik die sykant van die troffel om die voorbereide oppervlak gelyk te skraap.





6 Maak die mosaïekgom aan volgens die aanwysings op die verpakking.



7 Laat die mosaïekgom vir 5 minute staan voor jy dit met 'n troffel aan die voorbereide muur aanwend. Gebruik 'n troffel met 'n riffelrand om groefies in die gom te maak.




8 Begin in die middel en posisioneer die velle teëls in die dominante kleur (in dié geval Salmon) sodat dit in lyn is met die gidslyn wat jy in stap 1 getrek het – sodoende maak jy seker jou teëls is reguit. Plaas die volgende vel teëls langs die een teen die muur; die spasies tussen die teëls moet dieselfde wees om seker te maak die voegbrylyne is eweredig en reguit. Indien jy onseker is, gebruik teëlspasieerders vir hierdie taak. Gebruik 'n rubbertroffel om die teëls vas te druk sodat hulle klou. Vee die teëls met 'n spons en skoon water af. Laat dit vir 'n uur droog word.



9 Om die vertikale strepe te vorm, verwyder die teëls wat jy met die ander kleur wil vervang. Tel die teëls teen die muur en bereken watter daarvan jy wil uithaal om jou patroon te vorm. Gebruik 'n handwerkmessie om deur die gaas-agterkant van die teëls te sny en lig die teëls van die muur af. Gebruik 'n skraper om die mosaïekgom in die oop stroke af te krap.



10 Gebruik 'n handwerkmes om die gaas-agterkant van die velle teëls in die ander kleur te sny tot die breedte wat jy nodig het. **11** Meng nog mosaïekgom en wend dit met 'n troffel aan in die oop stroke. Posisioneer die ander kleur teëls, druk hulle vas met 'n rubbertroffel, vee dit met 'n spons en skoon water af en laat dit oornag droog word.



12 Verwyder enige gom wat tussen die teëls sigbaar is met 'n handwerkmes.



13 Meng die voegbry volgens die aanwysings op die verpakking.



14 Wend die voegbry met 'n voegbryskraper aan. Maak seker al die spasies tussen die teëls is behoorlik gevul. Laat dit vir 5 minute rus voor jy die teëls met 'n spons en skoon water afvee. >>



SELFDOEN


SEËL SÓ DIE HOUTRAKKE

Jy benodig

- Woodoc Water-Borne Interior Clear Matt-seëlmiddel
- skuurmasjien met 80- en 100-grint-skuurpapier
- skuurblokke of skuurpapier (100-grint)
- lap
- plat spaan
- verfkwas



1



2

1 Berei die oppervlak van die hout voor deur dit mooi glad te skuur. **2** Maak seker die oppervlak is skoon en sonder stof voor jy die seëlmiddel aanwend.




3

3 Gebruik 'n plat spaan om die Woodoc Water-Borne Interior Clear Matt goed te meng.



4

4 Gebruik 'n verfkwas om drie lae van die gemengde seëlmiddel op die hout aan te wend.



5

5 Laat die seëlmiddel ná elke laag eers heeltemal droog word voor jy dit liggies afskuur en die volgende laag aanwend. Moenie dit ná die laaste laag skuur nie.

Kom ons gaan winkels toe!

vir stutte



Swart rakstut met krulle (190 x 240 mm) R35



Silwer Milano-rakstut (185 x 185 mm) R35




Geborselde goue rakstut (200 x 200 mm) R69



Wit rakstut met gleuwe (194 x 200 mm) R35

Wit swaardiensrakstut (300 x 250 mm) R75



Swart swaardiensrakstut (185 x 185 mm) R46



Muurgemonteerde rakstutte kan dekoratief óf onopvallend wees – en Gelmar het dit alles! Neem die materiaal en afwerking van die stutte in ag, asook die grootte en gewigskapasiteit.

... vir handvatsels

Versteekte (verhulde) handvatsels word aan die agterkant van kasdeure vasgesit eerder as vooraan soos met gewone handvatsels – al wat sigbaar is, is 'n smal strokie kleur. Dit beteken die voorkant bly ongeskonde! Die Gelmar-reeks is beskikbaar in geborselde goud, geborselde satyn-nikkel, pèrelgrys, wit en swart.


Wit versteekte handvat
(128 mm) R22



Pèrelgrys
versteekte handvat
(128 mm) R21



Smal versteekte handvat in
geborselde goud (32 mm) R13



Swart versteekte
handvat (32 mm) R10



Smal versteekte
handvat in
geborselde satyn-
nikkel (96 mm) R27



... vir werkblaaie

PG Bison se plaaslik vervaardigde Formica LifeSeal-blaai bied jou 'n moderne ontwerp-estetika met 'n hele reeks style waaruit jy kan kies – of jy nou 'n houtgreinvoorkoms, 'n klip-effek of 'n soliede kleur verkies. Boonop is dit duursaam, verg nie baie instandhouding nie en is baie bekostigbaarder as ander bladmateriaal.

Die aartjies in die Malbacco LifeSeal-blad komplementeer die kakiekleur in die spatmuur en werk goed saam met die kleurkeuses van ons inspirasiebord.



*Ons is mal oor
die nuwe vierkantprofiel!*


Nuut! Dié werkblad-ontwerpe in die Stones & Structures-reeks sal 'n sterk stylstelling maak.




Laniakea




Faroe



Olina



Elara



Meribel



Pantanal

VERSKAFFERS Duram duram.co.za Gelmar gelmar.co.za Italtile italtile.co.za PG Bison pgbison.co.za The Board Store theboardstore.co.za Woodoc woodoc.com



Vra die kenners

Saamgestel deur Beatrice Moore-Nöthnagel

Het jy inspirasie nodig vir 'n kleurvolle kombuisopknapping, of wenke oor hoe om algemene dekorfoute te vermy? *Vra net – ons kry die antwoorde.*

'n Wen-ontwerp!

In ons Maart | April 2025-uitgawe kon lesers Milestone Kitchens-kombuiseenhede ter waarde van R100 000 wen in die jaarlikse *Dream Design*-kompetisie. Lesers kon hul droomkombuis ontwerp, alles uitmeet, hul gunsteling-items aanlyn by milestonekitchens.co.za kies, en uiteindelik met hul ideale ontwerp vorendag kom.

Die gelukkige wenner is Karen Ridge van Pringlebaai in die Overberg! Haar ontwerp en motivering waarom Milestone Kitchens se vrystaande eenhede perfek sou wees vir haar nuwe huis, het haar afslag van R100 000 op haar droomkombuis besorg.



Karen skryf Toe ek en my man, Derek, in 2023 van Pietermaritzburg af Pringlebaai toe trek, het ons besluit om te bou, sodat ons genoeg plek sou hê vir my ma, Irene Cook. Die helfte van die huis behoort aan haar en die ander helfte aan ons, en dinge vorder nou regtig fluks.

Ek raak maklik verveeld met 'n ingeboude kombuis. As dit eers in is, sit jy daarmee tot jy eendag genoeg geld het om alles uit te ruk en van voor af te begin. Milestone Kitchens gee jou die vryheid om dinge te meng en pas! Hulle puik eenhede lyk fantasties, en jy kan jou persoonlike stempel afdruk met verskillende reekse en kleure.

Net sodat julle weet waar my liefde vir kleur vandaan kom: My ma laat haar kombuis inrig in bessie, pers en pienk. En Derek het vir die binnekant van sy motorhuis ligpers gekies. My vriende sidder!



Die suigwaaier is geverf in die kleur Dekade Autumn Leaf



Terugvoer van die kenners

Die kenners by Milestone Kitchens het Karen se oorspronklike ontwerp en vereistes bekyk en 'n paar veranderinge voorgestel:



"Karen hou van 'n prettige, kleurryke voorkoms. Haar mure is ligpers en pienk, en die Milestone Kitchens-eenhede pers, groen, oranje en kersierooi – omtrent 'n mengelmoes van kleure!" sê Sabrina Miles, besturende direkteur van Milestone Kitchens.

Vir Karen se ontwerp is die French Flair-reeks gekies met blaai wat liggies met beitsstof behandel is.

GEE MY 'N POOT

"Vir die meeste van die eenhede het ons pote aangesit," sê Sabrina. "Pote pleks van skopplate gee 'n oop en skoon gevoel wat die vrystaande estetika van elke stuk versterk.

"Met ons French Flair-reeks kry jy die opsie om houtsnee-verfraaiings onderaan elke eenheid te hê. In Karen se kombuis sorg dit vir interessante fokuspeunte én dit verleen diepte aan die ontwerp."

Wenk Dis maklik om onder 'n eenheid met pote te vee!

FOKUSPUNTE

"Hoewel elke eenheid op sy eie 'n stelling maak, is die ware helde van die ontwerp die Butler-wasbak-eenheid en Chateau-uitstalkas," sê Sabrina. "Die Butler-eenheid is onder die kombuisvenster geplaas, met die stoof regs en 'n lang, regop uitstalkas (die resepteboekstaander) links. Sodoende kan Karen die meeste maak van die uitsig!"

Die Chateau-uitstalkas teen die linkerkantste muur vorm 'n sterk fokuspunt en laat die grense tussen die kombuis en leefgedeeltes vervaag. "Om dit visueel interessant te hou het ons voorgestel dat sy hier 'n skopplaat gebruik pleks van pote. Die houtsneewerk onderaan die eenhede word herhaal aan die bokant sodat dit 'n samehangende voorkoms skep."

EILANDSTYL

Wat is 'n kombuis sonder 'n groot eiland, veral met vandag se oopplanruimtes? Die eiland, wat met wieletjies toegerus is en in die treffende blou kleur Dekade Nordic Sea geverf is, kan, indien nodig, rondgeskuif word, terwyl die houtsneewerk onderaan 'n romantiese detail vorm.

KONTAK milestonekitchens.co.za >>




Karen het 'n verweerde afwerking gekies vir haar eenhede. Die rande is met beitsstof behandel voordat dit geverf en toe liggies afgeskuur is om die kleur onder te wys. Dit verleen aan die eenheid 'n meer afgeleefde, vintage voorkoms wat enige natuurlike verwerking verwelkom.



In die opwasgedeelte is die yskas-kas met ekstra pakplek bo geverf in die Dulux-kleur Blush Rambler 1, terwyl die kruidenierskas in die kleur Dekade Autumn Leaf die stoof se suigwaaier eggo. Die swartbord met sy blou raam is ideaal vir kruidenierslysies.

"Nog 'n opsie vir die opwasgedeelte is om 'n pasgemaakte rakeenheid te hê pleks van die swartbord," sê Sabrina.



Rakeenheid

Wasbak-eenheid



Met sy perfekte proporsies en persoonlikheid tik hierdie vertrek al die regte boksies af vir 'n goed gebalanseerde interieur.

Foto Warren Heath vir Bureaux • Produkke Sven Alberding



Stilis se wenke Algemene dekorflaters

EN HOE OM DIT TE VERMY

Dis maklik om in dekorstrikke te trap wat die voorkoms en gevoel waarna jy mik, in die wiele kan ry, sê ons kreatiewe redakteur, **Marian van Wyk**. Sy deel van die algemeenste slaggate en 'n paar wenke:

Te veel en te vol Te veel snuisterye laat 'n vertrek benoud en chaoties voel. Kies 'n paar sterk stukke en gee dit genoeg ruimte om asem te haal. Negatiewe ruimte sal dit nóg meer laat uitstaan.

Geen samehangende styl Wanneer 'n bietjie Bali, bal-en-klou-stukke van Ouma en iets Skandinawies sonder 'n plan bymekaar-gesit word, is daar geen visuele harmonie nie. Om style te meng kan pragtig werk as jy dit doelbewus en met sorg doen. Laat een styl die toon aangee en voeg dan aksente by, maar wees spaarsaam.

Swak beligting 'n Vertrek wat op net een ligbron staatmaak, gewoonlik van bo, voel ongesellig en koud. In 'n beligtingskema met verskillende lae skep 'n mengsel van atmosfeer-, taak- en aksentbeligting diepte en warmte. Tafel-, staan- en muurlampe dra almal by tot 'n geselliger atmosfeer.

Verwaarloos van skaal en proporsie Of dit nou 'n hanglamp is wat te groot is vir 'n vertrek of 'n te klein bank, om toebehore en meubels te plaas sonder om grootte in ag te neem laat 'n ruimte ongemaklik en lomp voel. Maak jou maatband jou beste vriend – hou dit altyd byderhand wanneer jy meubels gaan koop.

Geen persoonlikheid Skoon, oop ruimtes het wel 'n estetiese voordeel, maar daar is 'n fyn lyn tussen 'n “skoon” voorkoms en 'n gebrek aan persoonlikheid. Jou huis moet jôu storie vertel met familiefoto's wat jy sorgvuldig uitgekiees het, aandenkings van reise, opgelgoed en erfstukke. Met persoonlike items druk jy jou unieke stempel af en voeg warmte en karakter by wat jy in geen dekorstuk uit 'n winkel sal kry nie.

Gebrek aan funksionaliteit As jy gemak of bruikbaarheid opoffer vir estetika, skep jy nie 'n omgewing wat 'n mens laat welkom voel en aan jou gesin se behoeftes voldoen nie. 'n Ruimte moet meer as net mooi wees. Elke element moet die oog verras en terselfdertyd moeiteeloos werk binne die konteks van jou daaglikse lewe. >>

Vinnige vrae

V: Waar kom die twee rottang-ottomans op bl. 37 in die Augustus 2025-uitgawe vandaan? – Carin Loesch

A: Dit is al 25 jaar gelede gekoop by Block & Chisel (blockandchisel.co.za). Patio Warehouse (patiowarehouse.co.za) verkoop iets soortgelyks wat hulle 'n Clivia-koffietafel noem.



V: Waar kan ek die kantoorstoel koop wat julle op bl. 13 in die November 2025-uitgawe gewys het? – Carla Rebello

A: Die turkoois Rae-kantoorstoel is van Basics Home (basichome.co.za).



V: Ek is mal oor die glashuis in jul September | Oktober 2025-uitgawe. Waar kan ek die swart-en-wit teëls koop en wie het die teëls gelê? – Therese Charlton

A: Die huiseienaar het die eiendom gekoop met die sonkamer reeds gebou en het geen besonderhede oor die teëls of die installasie nie. Volgens Nicole Russell van Italtile (italtile.co.za) bestaan die patroon uit 'n aantal teëlsnitte. "Ons bied teëlsnywerk aan deur een van ons verskaffers, maar dit sal noukeurige beplanning verg," sê sy. "Italtile het 'n verskeidenheid opsies om 'n soortgelyke voorkoms te skep."



V: Ons wil verkieslik nie die vloerteëls in ons badkamer verwyder nie en bloot vinielplakkers bo-oor aanbring. Hoe maak 'n mens seker die voegbrylyne wys nie? – Linda Nel

A: Vinielplakkers wat goeie resensies kry, is by Amazon (amazon.co.za) te koop, maar ons is altyd huiwerig om aan te beveel dat enigiets bo-oor vloerteëls aangebring word aangesien dit net nie duursaam is nie. Oorweeg eerder 'n vinielvloerbedekking. Volgens Rosie Bradshaw van Airloom (airloom.co.za), wat rolle viniel verskaf, is die ideaal om die teëls eers af te vlak om te keer dat die voegbrylyne mettertyd sigbaar word. Hulle Easy Fit Plus-reeks het egter 'n materiaalagterkant, wat beteken dat die teëls nie eers afgevlak hoef te word nie – mits die voegbrylyne nie te diep is nie. Vir meer inligting stuur 'n e-pos na enquiries@airloom.co.za. 🏠



Easy Fit Plus in die ontwerp Gallery



Diere- maniere

Saamgestel deur Beatrice Moore-Nöthnagel

Soveel plesier met 'n dier!



Waag dit net!

"Dis net 'n speelding, maar hy's myne," sê Zara.

– Ri-Ellen Kemp,
Jeffreysbaai



'n Kat in die sak

Checkers Sixty60 het pas vir Archie afgelewer.

– Mi-Jeanne de Villiers, Bredasdorp



Die een is soos die ander ...

... maar Diego is die ware Jakob!

– Ali Lorenz, Kaapstad



'n Bietjie lafenis

Gryskat weet waar om te gaan afkoel in die hitte.


– Johan Meyer, Montagu



Sááálig

Xara bak graag in die sonnetjie.

– Kayla Roodt, Somerset-Wes



My beker loop oor

Karel Kat kyk wat gaan aan in die gieter.
— Elisca van Zyl, Lutzville

WEN!

Elkeen van die eienaars wie se troeteldiere op dié bladsye verskyn, wen 'n geskenkbewys van R500 van Petshop Science (petshopscience.co.za).

Nou is die ideale tyd om vir jou troeteldier voedsame kos te gee wat nie net bekostigbaar is nie, maar ook van puik gehalte. Ontdek Petshop Science se nuwe reeks spesiale droë honde- en katkos wat spesifiek ontwerp is om jou dier gesond te hou in elke stadium van sy of haar lewe.

Dié premium reeks troeteldierkos, wat ontwikkel is in samewerking met veeartse en diervoedingskundiges, is 'n volledige, gebalanseerde maaltyd wat gemaak word van natuurlike bestanddele wat sorgvuldig geformuleer is. Petshop Science se troeteldierkos bevat geen kunsmatige kleurmiddels of bygevoegde suiker nie en is ryk aan vitamieë. Dit het ook sleutelbestanddele soos vesel, prebiotika en probiotika wat sorg vir 'n gesonde spysverteringstelsel.

Met pryse wat wissel van R199,99 tot R899,99 maak die reeks voorsiening vir jong hondjies en katjies én volwasse en senior diere. Dit is beskikbaar by enige van die 144 Petshop Science-winkels landwyd of deur [Checkers Sixty60](http://CheckersSixty60).

Stuur jou foto's (minstens 2 MB elk) na troeteldiere@tuis.co.za en sluit jou kontakbesonderhede in. Jy kan ook 'n wenner wees! Kompetisiereëls op bl. 128.



V&A

Troeteldiere is goed vir jou

Megan Jones van Johannesburg skryf Wat behoort lesers te weet oor die waarde van troeteldiere wanneer emosionele, sielkundige en sosiale welstand ter sprake is?



Marycke Ackhurst, 'n kenner van troeteldiergedrag by Hill's Pet Nutrition, antwoord:

Die emosionele ondersteuning wat troeteldiere bied, is deeglik nagevors en goed

gedokumenteer, terwyl ons weens die stres van die hedendaagse lewe 'n toename in geestestoestande sien. Mense met troeteldiere is oor die algemeen gelukkiger en het 'n beter selfbeeld en sosiale vaardighede.

Angs en depressie kan enige lid van jou gesin beïnvloed, jonk of oud. Die verhouding tussen gesinslede en hul vierbeenvriende is voordelig vir mens én dier: Diere is goed vir ons welstand, en in ruil daarvoor kry hulle die liefde en sorg van ons wat hulle nodig het.

Vir jonger kinders is dit dikwels moeilik om uiting te gee aan hul gevoelens. Troeteldiere gee vir hulle 'n gevoel van veiligheid, onvoorwaardelike liefde en geselskap, wat alles help om 'n positiewe selfbeeld te ontwikkel. Diere leer kinders om verantwoordelik te wees, altruïsties te leef en om te gee vir ander.

Vir ouer mense is 'n troeteldier nie net 'n metgesel nie, maar gee ook vir hulle 'n doel in die lewe deur hul fisieke en emosionele welstand 'n hupstoot te gee. Navorsing toon vir mense wat op hul eie woon en 'n troeteldier het, is die kans om voortydig te sterf 33% laer.

Diere het die vermoë om ons **gemoed te lig** bloot deur by ons te wees. Hulle verlig daaglikse spanning en laat ons lag, wat lei tot die vrystelling van endorfiene – daardie “goedvoelhormoon”. Hul liefde en troos maak hulle 'n emosionele steunpilaar, iets wat 'n beduidende rol kan speel in genesing.

Oefening kan ons geestesgesondheid en welstand verbeter, en as jy 'n hond het, help dit jou om uit te kom en te beweeg.

ONTHOU 'n Troeteldier is 'n ernstige en langtermyn-verantwoordelikheid. Wanneer jy 'n dier kies vir 'n huis met kinders, neem altyd die dier se temperament in ag, en moenie vergeet dat die totale verantwoordelikheid by jou as volwassene lê nie.

BELANGRIK Het jy emosionele ondersteuning nodig? Bel die hulplyn van die Suid-Afrikaanse Depressie-en-angsgroep (SADAG) by 0800 567 567.

KONTAK hillspet.co.za 📍



Tuin- dagboek

Saamgestel deur Gillian Eva
Foto's verskaf

Klein tuin, groot hart

In Suid-Afrika se stedelike gebiede betaal jy dikwels 'n fortuin vir huise met groot erwe. Tog kan selfs die kleinste balkon, stoep of binnehof met die regte benadering 'n welige toevlugsoord word – én dit kan baie bevredigend wees. Dit gaan alles oor kreatiwiteit, vindingrykheid en om seker te maak elke vierkante meter tel.

KIES PLAASLIKE HELDE

In 'n klein tuin moet elke plant sy plek verdien deur goed te lyk en te floreer in jou plaaslike klimaat – en ideaal gesproke ook voordelige insekte of voëls lok. Vir moeitevrye struktuur, kies inheemse plante soos dwergaalwyne, spekboom (*Portulacaria afra*), wildeknoffel (*Tulbaghia violacea*) of klein agapantvariëteite. Hulle is droogtebestand, verg min onderhoud en lyk heeljaar mooi. Vir kleur en om bestuiwers te lok, plant malvas, gousblomme of *Osteospermum*, wat gehard is maar ook waterslim en deur en deur Suid-Afrikaans. Hulle lok bye en skoenlappers terwyl hulle jou klein ruimte met vrolike blomme opkikker.

Spekboom

REIK NA DIE STERRE!

Wanneer jou grondspasie beperk is, dink 'n slag vertikaal. Gebruik traliewerk, hangmandjies of gestapelde plantbakke om jou tuin lugwaarts uit te brei. Mure, heinings en selfs balkonrelings kan lewende skilderdoeke word. Rankplante soos Port St. Johns-klimop (*Podranea ricasoliana*) en sterretjiesjasmyn (*Jasminum multipartitum*) floreer in sonnige toestand en sorg vir lewendige kleur en geur. Vir skaduryke kolle probeer gerus duiwelsklimop (*Epipremnum aureum*), varings of filodendrons. En as jy te min strukture het, sal 'n herwinde pallet of metaaltraliewerk teen 'n muur die perfekte basis vorm vir 'n lewende muur – net reg vir kruie, vetplante of kruipplante.

MEUBELS WAT HARDER WERK

In 'n klein ruimte moet meubels met plante meeding om aandag en plek. Die geheim is om stukke te kies wat meer as een doel dien. Dink aan banke met bêreplek waarop 'n mens ook kan sit, opvoutafels en -stoele, of plantbokse wat ook as privaatheidskerms kan dien.

Houtkratse of laaiborde kan rustieke, bekostigbare plantbokse wees, terwyl 'n opgekikkerde staaldrom in 'n tafel én pot verander kan word.





ONTWERP VIR LIG EN VLOEI

Voordat jy begin plant, maak eers tyd om te verstaan hoe lig deur jou ruimte beweeg. Posisioneer sonliewende plante soos laventel, roosmaryn en vetplante waar hulle in volson kan baai, terwyl delikate spesies soos varings, begonias of impatiëns in beskutte hoekies plek kan kry. As jou ruimte donker of geslote voel, gebruik mure met 'n ligte kleur, spieëls of ligte plaveisel wat lig weerkaats en die ruimte groter laat voel. Jy kan selfs 'n spieël buite hang om jou groenigheid visueel te verdubbel – dit is 'n baie eenvoudige plan met groot trefkrag. Kurwes, diagonale lyne en fokuspunte laat ook 'n klein ruimte dinamies voel. Pleks daarvan om jou potte in 'n ry teen 'n muur te laat staan kan jy 'n gevoel van diepte skep deur hulle lukraak te versprei óf gebruik 'n enkele potplant soos 'n vioolblaarvy (*Ficus lyrata*) of kraanvoëlblom (*Strelitzia reginae*) wat 'n sterk stelling maak.



VERFRIS DIE VOORKOMS

Klein tuine vind baat by seisoenale verandering. Vervang moeë plante met vars saailinge of kleurrike jaarplante, en verfris potgrond minstens een keer per jaar. Skuif plante in houters elke nou en dan rond, net soos jy meubels in die huis sal skuif; dit sal nuwe lewe en energie aan jou tuin verleen. In die winter kan jy ekstra tekstuur en struktuur bewerkstellig met ornamentele grasse, klein immergroen plante of vetplante wat hulle vorm behou wanneer die blomme afgaan.



Kopie verskaf deur Life is a Garden; besoek lifeisagarden.co.za vir meer, of volg hulle op Facebook en Instagram: [lifeisagardens](https://www.instagram.com/lifeisagardens)



POTTE VOL KARAKTER

Potte en planthouers vorm die ruggraat van 'n klein tuin. Kies terracotta- of geglasuurde keramiekpotte in kouer streke, of houters van liggewig harsstof en herwonne plastiek in warmer, droër gebiede waar dit deurslaggewend is om vog te behou. Wees op die uitkyk vir plantbakke wat plante self natlei of gebruik 'n deklaag soos klapperhaar of boombasstukkies om die grond koel te hou en waterverlies te beperk.

Groep jou planthouers in groepe van drie of vyf vir visuele balans, en gebruik verskillende hoogtes en tecture. Dit sorg vir 'n welige voorkoms met verskillende lae wat doelbewus voel eerder as oorvol. >>



WEES WATERSLIM

Bestuur 'n kompakte tuin doeltreffend deur water te bespaar:

- Lei minder gereeld nat deur 'n potgrondmengsel met materiale soos klapperhaar, perliet, vermikuliet en waterbesparende kristalle of korrels

te verryk – dit keer dat potplante en

hangmandjies vinnig uitdroog in die son en wind.

- Installeer drupbesproeiing of outomatiese stelsels om plante nat te hou sonder om water te mors.
- Dien 'n deklaag toe en lei plante soggens vroeg nat om verdamping te verminder.
- Vang reënwater op in 'n klein tenk sodat jy potte daarmee kan natlei.



Koljander

Roket

Kweek jou eie!

Vul die gaping

Februarie is 'n tussenin-maand. Die tyd om somergroente te saai word nou min omdat herfs om die draai is, maar in die meeste streke is dit nog te warm om weg te spring met wintergroente.

Slaaikruie wat vinnig ontkiem, sal daardie gaping vul, net soos blaarslaai en heeljaargroente soos radyse en sprietuie. Jy sal regdeur tot Junie smaaklike, vars slaai kan oes en geniet – en in gebiede sonder ryp selfs later. As jy die saad dig opmekaar saai, kan die uitgedunde saailinge as mikroblaartjies of babaslaaiblare gebruik word, met die res wat jy los om volwasse te word.

As jy dié tyd van die jaar groente van saad kweek, onthou om tydens ontkieming die grond klam te hou, maar nie deurdrenk nie. Jy gaan dit dalk twee keer per dag water moet gee óf die bedding met 40%-skadunet bedek (los 'n gaping waardeur lug kan beweeg) sodat die grond nie so maklik uitdroog nie.

KIES UIT DIE VOLGENDE OPSIES

Soet basiliekruid (*Ocimum basilicum*) groei, net soos ander basiliesoorte soos 'Genovese' en 'Dark Opal', die beste as hulle oggendson en middagskaduwee kry – in klam, vrugbare grond wat goed dreineer. As jy gereeld oes, bly die plant netjies en dit moedig nuwe groei aan.

Roket (*Eruca sativa*) ontkiem vinniger as enige ander kruie en het 'n neuterige, peperige geur. Wilderoket (*Diplotaxis tenuifolia*) het smaller blaartjies en 'n sterker geur as gewone roket. Saai hulle dig opmekaar in los grond met baie kompos ingemeng en hou die grond klam. Oes gereeld vir die beste blaartjies.

Grasuie (*Allium schoenoprasum*) en knoffelgrasuie (*Allium tuberosum*) sorg vir 'n sagter uie- of knoffelgeur in slaai en branderige geregte. Oes die blaartjies deur hulle by die basis af te knip, en kort voor lank sal nuwe lote hulle verskyning maak. Wees geduldig met grasuie, want dit kan tot drie weke neem om te ontkiem.

Koljander (*Coriandrum sativum*) lyk soos platblaarpietersielie en groei ook dieselfde tot 'n hoogte van 50 cm en 'n spanwydte van 30 cm.

Pluk dit net voor jy dit wil gebruik, want die sagte blaartjies verlep vinnig.

Dille (*Anethum graveolens*) groei tot 'n lieflike fokusplant van 'n meter lank en het veeragtige blougroen blare met 'n delikate anysgeur. Plant dit in volson, in vrugbare grond wat goed dreineer. Los die geel blomkoppe tot hulle bruin word en oes dan die saadjies met hulle sterk anysgeur.

Blaarslaaivariëteite met los blare – soos 'Salad Mixed' of die krulblaarsort 'Lollo Rossa' en 'Lollo Biondo' – kan in warm weer in saadbakkies gesaai en dan op 'n skaduplek oorgeplant word. Die blare kan vir tot drie maande geoes word. Plant in vrugbare grond wat goed dreineer en hou die grond klam, anders word die blare bitter.

Kerwel (*Anthriscus cerefolium*), ook bekend as Franse pietersielie, het anysgeur blaartjies wat in volson of halfskaduwee sal groei, in ligte grond wat met kompos verryk is en goed dreineer. Kerwel aard goed in potte en vensterbakke, en as jy hulle in toom hou deur gereeld te oes en snoei, sal dit 'n bosserige plant word met baie blare.

KONTAK kirchhoffs.co.za

KOMBUISTUIN-TAKE

- In warm, droë weer moet jy eerder vroegoggend natlei.
- Gebruik 'n ligte deklaag onder groter groentesoorte sodat die grond vir langer koel en klam kan bly.
- Beheer peste soos witvlieg en roospinnekop deur weekliks 'n organiese insekdoder te spuit.
- Dien kunsmis toe vir vrugdraende plante.
- Gebruik skadunet om kwesbare gewasse teen die son te beskerm.

Soet basiliekruid

Dille

SAAI DIÉ GROENTE NOU

Somerreënstreke Beet, blaarbeet, blomkool, Chinese kool, koolraap, kopkool, kropslaai, prei, raap, radys, spinasie, ui, witwortel, wortel.

Winterreënstreke Beet, blaarbeet, blomkool, Chinese kool, koolraap, kopkool, kropslaai, prei, raap, radys, seldery, spinasie, witwortel, wortel.

Subtropiese streke Beet, blaarbeet, blomkool, boontjies, eivrug, ertjies, komkommer, koolraap, kopkool, kropslaai, pampoen, prei, raap, rabarber, radys, rissie, seldery, skorsie, spinasie, tamatie, ui, witwortel, wortel.

Stained Glassworks
'Magnificent Mile'



Stained Glassworks 'Spacecake'



Nuut by die kweekery

Blare-basaar

Die Stained Glassworks-reeks van *Coleus* spog met ryk gekleurde blare met 'n groen kartelrand. Dit gloei behoorlik met pienk en rooi skakerings wat in gemengde randbeddings en landskappe diepte en kleur verskaf, maar hulle sorg ook vir 'n skouspel in potte en hangmandjies. Die hittebestande *Coleus* sal sy man staan in volson, maar die blare kry 'n intenser kleur as hulle in halfskaduwee staan. Hulle groei vinnig en verg min aandag, en word tot 90 cm hoog en 45 cm wyd. Omdat hierdie plant byna enige groeitoestande, waaronder besoedeling, kan trotseer, is hulle uiters geskik vir 'n stadstuin. Gee hulle gereeld water, maar nooit te veel nie.

KONTAK ballstraathof.co.za



Mooi binne

Sambreelvy

Sake van die hart

Die sambreelvy (*Ficus umbellata*) lyk soos geen ander *Ficus*-variëteit nie. Met sy groot hartvormige, geplooië blare het dié tropiese plant uit Wes-Afrika op die oog af meer gemeen met filodendrons en geraamteplante. Binnenshuis het hulle baie plek nodig om op hulle beste te lyk en hou van helder lig of gefiltreerde sonlig en 'n warm vertrek sonder enige trek. Hulle is sensitief vir te veel water – laat dus die boonste paar sentimeter grond uitdroog voordat jy dit weer natlei. Moedig in die somer nuwe blare aan deur een keer per maand 'n vloeibare kunsmis toe te dien. >>

KONTAK lvgplant.co.za

RAW

WANNEER RAW BRANDRISSIES KIES, SPEEL ONS NIE

Scotch Bonnet, Carolina Reaper, Trinidad Scorpion, die brandrissies wat jou laat sweet, vloek en steeds nog 'n hap laat vat. Plant hulle, koester hulle en kyk dan of jy hulle kan oorleef.

Tuinmaak, met RAW-onverskrokenheid.



/RawLivingSA

rawlivingsa

rawliving.co.za

Vinnige vrae



V: Identifiseer asseblief die plant op die rak bo die stoof in die Simonstadse huis op bl. 50 van julle Mei 2025-uitgawe

– **Luke Andrews, Benoni**

A: Dit is 'n siamtulp (*Curcuma alismatifolia*), 'n tropiese plant in die gemmerfamilie. Hulle hou van 'n plek wat baie lig kry, maar soek geen direkte sonlig nie.



V: Ek is op soek na binnenshuise plante met treffende argitektoniese blare wat 'n stelling sal maak in my huis. Wat stel julle voor? – **Janine Strydom, Kaapstad**

A: Daar is soveel opsies waaruit 'n mens kan kies, maar gewilde binnenshuise plante wat algemeen gebruik word, sluit in geraamteplante (*Monstera deliciosa*) of boomfilodendrons (*Philodendron selloum*; op die foto).



VRA VIR JJ

'n Onwelkome kalant

Marius Pieterse van Kaapstad skryf Wat is hierdie plant wat besig is om my bougainvillea oor te neem? Die blare het sagte haartjies aan die onderkant en dit vorm klein, onopvallende blommetjies.

JJ van Rensburg antwoord Hierdie is 'n kruidagtige meerjarige wat *Parietaria officinalis* genoem word. Dit word as 'n onkruid beskou en behoort maklik te wees om van ontslae te raak. Spit dit versigtig uit sonder om enige wortels of stingels agter te laat, en gooi dit dan weg.

KONTAK gardensbyjj.com



Luister na JJ se insiggewende podsendingreks, *Tuis Tuine met JJ*, op netwerk24.com. Kry dit onder "Kyk + Luister" – klik op "Klankgolwe".

90 tuis Februarie 2026



VRA VIR LUDWIG

Verleppende hitte

Betsie Smit van Bloemfontein skryf My 'Garden and Home'-rose kry baie laatmiddagson, en wanneer dit bloedig warm raak, buig die sagte blomme baie maklik.

Hoe hou ek die roosbome en blomme vars in die intense hitte?


Ludwig Taschner antwoord Dit is baie moeilik om die blomme van variëteite soos 'Garden and Home' wat heeltemal oopgemaak het, vars te hou gedurende 'n hittegolf. Dit help om die wortels daagliks water te gee, en jy kan selfs in sulke ekstreme toestande die blare 'n ligte sproei gee.

Dit is belangrik dat roosbome baie blare het om goeie sapvloei te verseker en die stele in skaduwee te hul. Sonder blare verdamp water en die stagnante vloeistof in die stele word vinnig warm onder die bas. As die sapvloei heeltemal onderbreek word, kan die stele swart word en uiteindelik doodgaan. Genoeg water sal ook keer dat die rose besmet word deur rooispinmyte wat algemeen is in droogtetoestande – iets wat lei tot blaarverlies.

Wanneer jy die dooie knoppe uitbreek, sny die blomme wat verby hulle fleur is by die tweede blaaroksel af. Wag tot Maart met kunsmis omdat nuwe groei meer water verg. Wanneer die dae in die herfs koeler begin word, sal jou blomme weer pragtig lyk.

KONTAK ludwigsroses.co.za





WEN! Een van vier boeke ter waarde van R350 elk, uitgegee deur Tafelberg, kan joune wees.

Toe Covid-19 die mat onder Marita van der Vyver en haar Fransman se voete uitruk en hulle noodgedwonge hul groot ou huis op die Franse platteland moes verkoop, besluit hulle om van die meeste van hul aardse besittings ontslae te raak en ver in die wêreld te gaan reis. Jou tuiste is waar jou hart is, en Marita s'n lê op die langpad, kloppend van nuuskierigheid oor onbekende plekname en paadjies wat bekende skrywers eens bewandel het. *My jaar van vrees en vryheid* is 'n reisverhaal oor die sprongjaar in haar lewe, maar ook 'n ontginning van 'n leeftyd se herinneringe. Want soms moet jy baie verloor, en ook bereid wees om self verlore te raak, voor jy vryheid kan wen. **Die eerste vier lesers wie se korrekte blokraai ons trek, wen 'n eksemplaar ter waarde van R350 van *My jaar van vrees en vryheid*.**

Stuur die voltooide blokraai en jou kontakbesonderhede voor 26 Februarie 2026 na **Tuis-blokraai #189, Posbus 1802, Kaapstad 8000**, of skandeer jou ingevulde vorm en e-pos dit na kompetisie@tuis.co.za. Sien ons kompetisiereëls op bl. 128.

Naam Adres
Poskode Sel Tel. (w) E-pos

WIE WOON HIER? Anton en Hanli Smuts
WAAR Silwerstrand-gholflandgoed, Robertson
GROOTTE VAN TUIN 400 m²
OUDERDOM VAN TUIN 3 jaar
GRONDTIPE Kleigrond

'n Nuwe begin

Nadat sy lank 'n groot plaastuin gehad het, moes Hanli Smuts vinnig leer om 'kleiner' te dink in haar nuwe tuin.

Deur Marié Brody • Foto's Jeandri Streicher



Hanli hou van die tuin se kothuisgevoel en dit pas by die voorkoms van die huis. Vingerhoedjies, bitterbos (*Scabiosa columbaria*), salie, vergeet-my-nietjies (*Cynoglossum amabile*) en vlooi kruid blom in die bedding wat deur lamsore (*Stachys byzantina*) omraam word.

“**T**oe ons hier begin bou het, was dit 'n stowwerige en dorre stuk aarde met klipharde grond. Daar was nie 'n boom of erdwurm in sig nie,” vertel Hanli oor haar nou veel kleiner, maar steeds blomryke tuin.

“Ons het in November 2022 hier ingetrek nadat ons 36 jaar lank op 'n vrugte-en-groenteplaas buite Robertson gewoon het. Ek was gewoon aan 'n pragtige groot tuin met gevestigde bome en struie wat ek by my skoonma geërf het. Die sproeiërs het feitlik heeldag geloop met water uit die Breërivier se besproeiingstelsel. Maar ek en Anton het albei besluit ons is reg vir iets kleiner, en omdat hy van sy tienerjare af hier gholf speel, het ons 'n erf op dié landgoed gekoop.”





DIE GHOLFBAANAANSIG

In die stoepkamer wat hulle voor aan die huis gebou het, groei orgideë en ander binnenshuise plante. Van hier is daar 'n uitsig op die golfbaan. In die tuin waarop die kamer uitloop, is 'n plantboks (*foto oorkant*) met kruie soos pietersielie, tiemie, kruisement en lourierblaar waarmee Hanli gereeld kook. Rondom die plantboks groei kamille wat sy saam met suurlemoen- en komkommerskyfies in bekere water gebruik.

“Dié deel van die tuin kry die meeste wind en ek moes 'n plan beraam om die blomplante daarteen te beskerm. Ek het twee rye

heinings met 'n mengsel van *Viburnum tinus* en *V. odoratissimum* geplant, met blomme soos baardirise (*Iris germanica*), pronkridderspore (*Delphinium x elatum*), laventel (*Lavandula*), duiwel-in-die-bos, salie (*Salvia*) en Engelse kanferfoelie (*Lonicera periclymenum*) daaragter. Ek moet versigtig wees om nie te hoog tuin te maak nie, want Anton se kantoor kyk hierop uit en hy moet kan sien wat op die golfbaan gebeur! Die lekkerste van dié deel van die tuin is die golfspelers wat dit saam met ons geniet. Ek kry gereeld iemand wat kom sê my tuin is mooi.” >>



‘Ek wou nog stokrose plant ..’

Sowat 'n jaar voordat hulle die huis begin bou het, het hulle reeds vier waterbessies (*Syzygium cordatum*) geplant. Hanli het nog nooit 'n tuin van nuuts af begin nie en dit intimiderend gevind. Sy het hulp ingeroep met die beplanning van die tuin, maar dit was vir haar moeilik om by die indrukwekkende tuinplan te hou.

“Goed gebeur in my kop. Ek kan nie 'n plan op papier volg nie. Soos ek die beddings uitgesit het, het my planne verander. Dit was 'n baie interessante proses. Ek en Anton het albei geweet ons wil 'n kleiner tuin hê, maar dit is glad nie so maklik nie! Op die ou end is die tuin groter as wat ons gedink het, want ek wou nog stokrose (*Alcea rosea*) plant, krismisrose (*Hydrangea macrophylla*) insit en 'n fyntuin maak. En soos ek al dié planne uitgevoer het, het dit groter geword en verg dit meer aandag as wat ek beplan het. Daar is elke dag iets wat gedoen moet word.”

Sy het heelwat plante van die plaastuin af saamgebring, want sy wou nie alles nuut koop nie. “Boonop is ek 'n baie sentimentele mens en selfs plante het vir my sentimentele waarde. Iets wat ek op die plaas geplant het met 'n kind se geboorte, met 'n verjaardag of vir 'n groot geleentheid gee sin aan my lewe. Van dié plante het ek uitgehaal en hier kom plant. Hulle plekke op die plaas is met iets anders opgevolg.”

Hanli moes wel voordat sy kon begin tuinmaak die arm, kleierige grond goed voorberei. “Anton onthou nog dat hier destyds 'n bloekompos was en ons het besef die grond het baie liefde en aandag nodig. Ons het vragte nuwe grond laat inry en kompos, superfosfaat, hoendermis en gips (kalsiumsulfaat) sowat 'n halwe meter diep ingewerk voor ons begin tuinmaak het. Toe ek uiteindelik begin plant en saai, was dit vir my 'n groot lekkerte om te ontdek hoeveel erdwurms daar is.”

“As die heinings van *Viburnum tinus* nie die voortuin se beddings omraam het nie, kan ek jou belowe het ek al oor die erf se grense tuingemaak. Op die plaas het die beddings gedurig groter en wyer geword, iets wat ek nie hier kan doen nie. Binne-in die beddings maak ek soos ek wil en gee 'n verskeidenheid blomplante kleur.”





Lugplante (*Tillandsia usneoides*) hang aan die louriermagnolia in die voortuin se takke. Hanli het baie jare gelede 'n klein stukkie van die plant van 'n reis af huis toe gebring.



Papawers



Vingerhoedjies

DIE VOORDEURTUIN

Die louriermagnolia in die voortuin het Hanli op hulle huweliksherdenking by Anton gekry, spesiaal om in die tuin te plant. Die klipblokke wat na die voordeur lei, kom van die plaas af. Tussen die blokke groei tiemie. Langs die paadjie word die beddings omraam deur vlooiakruid (*Erigeron karvinskianus*) om dit te versag, en 'n heining van *Viburnum tinus* rond dit af. Naby die voordeur is daar 'n geurige sterjasmyn (*Trachelospermum jasminoides*). In die beddings gee gewone buksbome (*Buxus sempervirens*) en inheemse kapokbos (*Eriocephalus africanus*) wat in klein balle gesnoei is, vorm en struktuur. Dit word afgewissel met pronkridderspore en vilette (*Matthiola incana*). Die vingerhoedjies, baardirisse, papawers (*Papaver somniferum*), akeleie (*Aquilegia vulgaris*) en kappertjies sorg altyd vir iets wat blom. Dié blomme het Hanli ook op die plaas gehad. Die nieskruid (*Helleborus*) in die beddings wat wintertyd blom, is vir haar baie spesiaal en aard goed hier. >>

Engelse kanferfoelie



DIE SLAAPKAMERTUIN

“Die tuin voor ons slaapkamer is so groot soos ’n sakdoek. Die alternatief was om daar te plavei, maar ek kon dit nie oor my hart kry om ’n deel in my tuin te hê waar daar geen groenigheid is nie. Ek het op die plaas dié mooi bankie gehad en besef dit sal perfek hier werk. Ons kamerdeur maak hierop oop en die bankie laat my tuis voel. Stokrose, papawers, akeleie en ’n paar wit krismisrose groei hier. Ek het ook van my potte neergesit met malvas (*Pelargonium*), gesiggies (*Viola x wittrockiana*) en bolle in.”

My tuin het my oor die jare al met wonderlike mense in aanraking gebring.

Ek deel graag my tuin met ander en dit beteken vir my baie wanneer iemand vir my iets uit hulle tuin bring. Ek koester dit. – Hanli

Ysterkruid
(*Verbena aristigera*
sin. *V. tenuisecta*)

Hanli se tuinraad

1 Plant waarvan jy hou en wat vir jou mooi is. Dit is nie nodig om te plant wat in die mode is nie. Ek het dit vroeër jare gedoen en dan besef ek later die plant werk nie in my tuin nie en moet ek dit uithaal.

2 Maak seker jy weet hoe die wind waai en watter deel van die tuin baie son of skaduwee kry en beplan daarvolgens. Hoewel die tuin net sowat 20 kilometer van die plaas af is, kry dit heelwat meer wind. Ek het my krismisrose aan die suidekant van die huis geplant en gedink daar is genoeg skaduwee, maar daar was nie. Ek moes gou 'n plan beraam en het die vinniggroeiende *Vitex trifolia* 'Purpurea', wat ek in 'n sambreelvorm gesnoei het, vir meer koelte tussenin geplant.

3 Die tuin kry twee keer per jaar kompos. Anton gee die krismisrose, rose en ander blomplante elke vier tot ses weke 3:1:5. Die katjieperings (*Gardenia augusta*), kamelias (*Camelia*) en ook die krismisrose kry 'n handvol epsomsout as die blaartjies gelerig raak, dit verrig wonderde daarvoor.

4 Ek glo aan 'n deklaag van houtsnysels. Dit hou die vog binne in die somer en die grond warm in die winter. Die snysels help ook teen ryp.

5 Plant 'n boom vir die nageslag. Al gaan jy dit nie sien grootword nie, het jy iets gelos waaruit jou kinders en kleinkinders plesier kan put.

6 Om 'n goeie netwerk te hê is noodsaaklik. 'n Tuin is beslis nie 'n taak vir net een mens nie, ek het 'n span mense op wie se nommer ek kan druk as ek raad en hulp nodig het. 'n Goeie verhouding met jou besproeiingspersoon is baie belangrik. Wanneer iets verkeerd loop as jy weg is, moet jy iemand hê vir wie jy kan bel. Ek het ons kontak op my "speed dial"-lysie! Die mense by die kwekery is ewe belangrik. Hulle leer jou ken en weet later waarvan jy hou. Ons is bevoorreg om op Robertson mense naby te hê wat die dienste lewer, ek ondersteun hulle graag. >>



Die tuin is 'n belangrike deel van Hanli se daaglikse bestaan. "Dit is een van die eerste goed wat ek sien as ek soggens opstaan en waar ook al ek uit my huis loop, stap ek in die tuin in."



Wanneer ek iets moois by die kwekery sien, koop ek dit en kom *zoek dan 'n plekkie* daarvoor. Ek is doodseker dit is die verkeerdste manier van doen, maar dit werk vir my! – Hanli

Haar gunsteling

Hanli hou van plante en bome wat blomme dra, sy plant nie sommer iets wat nie iewers in die jaar blom nie.

- Haar Kaapse kastaiing (*Calodendrum capense*) is nog 'n klein boompie, maar gaan van krag tot krag. “Dit het nog nie begin blom nie, maar ek kan nie wag dat die sagte pienk blomme hulle verskyning maak nie.”
- Die louriermagnolia (*Magnolia grandiflora* ‘Little Gem’) in die voortuin is vir haar baie spesiaal.
- Die Japanse blomappels (*Malus floribunda*) is lieflik in die lente. “Ek pluk graag die bloeiseltakke vir die huis.”
- Bladwisselende bome, al dra hulle nie blomme nie, is ook vir haar mooi. “Ek het 'n amberboom (*Liquidambar*

styraciflua) en watereik (*Quercus nigra*) geplant om die wisseling van die seisoene aan te dui.”

- Haar gunstelingbolle is kammertjies (*Freesia*), druif-hiasinte (*Muscari armeniacum*), hiasinte (*Hyacinthus orientalis*), affodille (*Narcissus*) en amarillis (*Hippeastrum*).
- Nog blomplante wat haar na aan die hart lê, is kappertjies (*Tropaeolum majus*), vingerhoedjies (*Digitalis purpurea*), kamille (*Chamaemelum nobile*), inkalelies (*Alstroemeria aurea*), duiwel-in-die-bos (*Nigella damascena*) en leeubekkies (*Antirrhinum majus*). 🌱



Baardiris



Vergeet-my-nietjies



Akeleie



Akeleie



Engelse kanferfoelie



Kamille



Gesiggies en wildelobelia
(*Lobelia erinus*)



Louisiana-iris (*Iris fulva*)



Baardirisse



Pienk en perfek

Nie eens beperkte plantplek en hoë mure kon keer dat hierdie piepklein tuin in 'n hemelse toevlugsoord omskep word nie.

Deur Mary Jane Harris • Foto's Connall Oosterbroek

Al is die bougainvilleas in die sypaadjietuin geplant, stort hulle kleurrike blomtrosse soos watervalle oor die grensmuur sodat 'n mens dit ook binne die eiendom kan geniet.

WIE WOON HIER? Gertie Pretorius

WAAR Boskruin, Johannesburg

GROOTTE VAN TUIN 80 m²

OUDERDOM VAN TUIN 5 jaar

GRONDTIPE Sanderig, verryk met kompos

Om ekstra hoogte te bewerkstellig is twee boë opgerig waarteen rankrose groei. Gertie se kleindogter groet altyd die outjie op die grond met 'n vrolike "Hallo, Varkie!". >>



Toe die gras uitgehaal is, is dit vervang met 'n paadjie wat na die plonsoel toe loop. Weerskante daarvan is beddings gemaak met rose soos 'Double Delight' en 'Pink Ayeye' daarin. Al die rose is van Ludwig's Roses.



Spieëls waarvan die rame skelpienk gevef is om die muur te komplementeer, sorg vir 'n gevoel van diepte.

“**P**ienk is 'n kleur wat my gelukkig maak,” sê Gertie Pretorius. En geluk, sê dié sielkundige, was die belangrikste oorweging toe sy haar piepklein tuin onder hande neem. Gertie was pas deur 'n egskeiding; die huis was hare en sy kon nou die tropiese tuin vervang met een wat haar smaak en persoonlikheid beter weerspieël.

Maar omdat sy 'n professionele mens is met min vrye tyd, het Gertie besef sy het nie die tyd óf hulpbronne om die toevlugsoord te skep wat sy in haar kop gehad het nie. Daarom het sy Debbie Smit van Foxgloves Landscape Design om hulp genader. “Ek het aan Debbie verduidelik ek wil baie rose hê, baie pienk en 'n suurlemoenboom. Geen tuin is volledig sonder 'n suurlemoenboom nie,” sê sy.

Die nuwe uitleg moes die beperkte ruimte en hoë mure in ag neem wat op plekke diep skaduwee vorm. “Eers het ons gekyk watter plante moet uitgehaal word en watter ons kan behou,” vertel Debbie. “Al sal 'n mens nie normaalweg 'n boomfilodendron (*Philodendron selloum*) of olifantsoor (*Colocasia*) in 'n klein roostuin hê nie, het ons hulle wel behou omdat dit help om die baksteenmuur visueel te versag.”

Hulle het ook die twee bougainvilleas op die grens behou. “Omdat hulle buite geplant is, neem dit nie plek in die tuin op nie, maar verskaf wel massas kleur bo-oor die muur,” sê Debbie, wat die plantplek vergroot het deur die grens in 'n groot bedding te omskep waarin massas blomme geplant is. Dit strek tot in die motoroprit,

sodat Gertie deur die geure en kleure van massas plante verwelkom word. “Wanneer jy die deur na die tuin toe oopmaak, spoel die geure behoorlik oor jou,” sê Gertie.

“Ek glo 'n mens kyk nie net na 'n tuin nie; jy moet daardeur kan stap,” sê Debbie. “Ons kon nie een lang bedding teen die muur maak nie. Daar sou te veel skaduwee wees vir rose en dit sou te breed wees én moeilik om te onderhou.” Daarom het sy die gras uitgehaal en dele daarvan met groot plaveistene vervang. In die sonnige dele is smal beddings weerskante daarvan gemaak vol rose en meerjariges, sodat Gertie deur die plante kan beweeg en die geure en blomme van nader kan ervaar.

“Om hoogte te gee en die muur te versag het ons twee boë ingebring wat nou bedek is met rankrose en tussendeur *Clematis*,” verduidelik Debbie. “Dié klimop is gehard en kan saam met rose groei, en dit vaar goed hier.”

Die tuin is taamlik maklik om te onderhou, veral omdat daar geen grasperk is wat gesny moet word nie. Daar is ook 'n outomatiese besproeiingstelsel met missproeiers in al die potte. Debbie glo as plante behoorlik natgelei en gevoed word, bly die peste en siektes ook weg. “Ek hoef nie enige chemikalieë en spuitmiddels te gebruik nie,” sê sy. “Ons gee gereeld voeding, elke twee weke, en wissel Multifeed af met Nitrosol. Nadat die rose gesnoei is, gee ons vir hulle Ludwig's Vigorosa, en dan weer elke agt tot tien weke.” >>

A vibrant garden scene featuring large, green Monstera leaves with characteristic holes, cascading over a brick wall. In the foreground, a white metal chair with ornate scrollwork stands on a stone-paved patio. To the left, a large, colorful mosaic pot holds pink and white flowers. A stone wall separates the patio from a lower garden area. The overall atmosphere is lush and inviting.

Al is my tuin klein, is ek gaande daaroor.
Daar's plek om my vriende en familie te onthaal,
en my kleindogter geniet dit om die tuin te
verken en al die nuwe blomme te ontdek. – Gertie

Omdat die groot
boomfilodendron die muur
versag, het dit gebly, maar
dit word gereeld gesnoei om
te keer dat dit oorneem.



'n Boeddha-beeld "kyk uit" oor die klein waterfokuspunt langs die stoep.



Gertie se opdrag aan die landskapontwerper Debbie Smit was 'n tuin vol rose en met baie pienk blomme.



VERSAG DIE EFFEK VAN HOË MURE

Die meeste meenthuiskomplekse het hoë grensmure, en in die meeste gevalle is hulle vir maklike instandhouding van siersteen. Debbie het die volgende raad om mure te versag en hulle impak te beperk:

- 'n Verhewe bedding teen 'n hoë muur help om die hoogte te breek. Plante in verhewe beddings lyk groter en meer gevestig en sal die muur vinniger kamoefleer as dié wat in die grond geplant is. Maar maak seker die verhewe beddings is breed genoeg vir groot wortelstelsels sodat jy ook klein bome en groot struik daar in kan plant.
- Gebruik rankplante om groot baksteenoppervlakke te breek. Rankplante soos sterjasmyn (*Trachelospermum jasminoides*) en perskransie (*Petrea volubilis*) het 'n wonderlike geur, terwyl grenadellas (*Passiflora edulis*) vrugte en eksotiese blomme dra en boonop maklik groei binne 'n kort tydjie. Ek is ook gaande oor kruipvy (*Ficus pumila*), want dit verander 'n muur in 'n groen verlengstuk van die tuin.

Maar hou die ruimte in gedagte. Vermy rankplante soos bloureën (*Wisteria sinensis*) en bougainvillea omdat hulle swaar kan vertoon in 'n klein ruimte en die res van die plante kan oordonder.

- Tralie- of latwerk is nog 'n manier om van 'n muur 'n fokuspunt te maak. Jy kan plante daarteen oplei of hulle selfs op hulle eie gebruik as hulle dekoratief is, veral as hulle 'n kontras vorm met die kleur van die muur.
- In hierdie kompleks mag die siersteen nie geverf of gepleister word nie. As jy dit wel mag doen, kan jy die muur in 'n diepgroen kleur verf om dit visueel te laat terugtrek. >>

KONTAK Foxgloves Landscape Design 083 449 7048, debbie@foxgloves.co.za



Knolbegonia



Bougainvillea



Amarillis



Fuchsia



Boomfilodendron



Komkommerkruid



'Pink Ayeye'



'Fishpond Pebbles'



'Red Ayeye'

In die somer is die kleurrike sypaadjetuin 'n mengsel van vingerhoedjies, papierblomme en rose wat mooi vertoon teen die elegante stringe engelvierkies.

Goeie pasmaats

In 'n klein tuin verkies Debbie om floribunda- of Antico Moderno-rose te plant eerder as hibriedteerose.

“Hoewel hibriedrose fantasties is, kry jy net een op 'n steel, teenoor die oorfloed van die ander,” sê sy.

Vir kleur en interessantheid regdeur die jaar het sy meerjarige plante en selfsaai-eenjariges ingesluit wat nie baie aandag nodig het nie. “Een van my gunsteling-kombinasies is rose en komkommerruud. Komkommerruud het lieflike blou blommetjies en is 'n selfsaai. Dié plante ‘gesels’ met mekaar en lyk mooi saam in 'n vaas,” sê Debbie, wat ook graag rose met papierblomme (*Limonium perexzi*) en meerjarige pienk basilie (*Ocimum basilicum*) kombineer.

“Nog 'n pragtige selfsaai vir 'n klein tuin is heuningblommetjies, wat goed werk om die rande van beddings te versag,” voeg sy by. Vir seisoenale kleur sluit sy voetjieprimula (*Primula malacoides*) en Yslandse papawers (*Papaver nudicaule*) vir die lente in, en vingerhoedjies, pronkridderspore (*Delphinium x elatum*) en leeubekkies (*Antirrhinum majus*) vir die somer. “Vanjaar het ek die primulas vervang met pienk begonias vir somerleur en 'n klompie dahlias in die grond gedruk vir 'n kleurontploffing in die herfs.”

Omdat Gertie graag agteroor sit om van haar stres ontslae te raak wanneer sy tuis kom, het Debbie twee Adirondack-stoele vir die stoep gekry waar sy kan sit en ontspan en oor haar tuin uitkyk. “Omdat 'n mens onder die rose kan sien wanneer jy sit, het ek heelwat laaggroeiende meerjarige en grondbedekkers soos senegroen (*Ajuga reptans*), *Hypoestes phyllostachya* en koringblomme (*Scabiosa africana*) bygevoeg om ‘proesels’ interessantheide op grondvlak te skep, veral wanneer die rose nie blom nie.”

VERSKAFFER Ludwig's Roses ludwigsroses.co.za

PLANTKEUSES

As jy 'n groot verskeidenheid plante in 'n klein ruimte wil gebruik, kies 'n kleurskema en hou daarby, is Debbie se raad. Sodoende is die algehele effek harmonieus. Al word die indruk gewek dat hierdie klein tuin deur rose oorheers word, het Debbie 'n klompie meerjarige en eenjarige bygevoeg om dinge in die verskillende seisoene interessant te hou:

- Amarillis (*Hippeastrum*) maak skouspelagtige trompetvormige blomme. Plant die bolle van September om in die somer te blom. Hulle verkies goedgedreineerde grond en volson of halfskadu. Dien een keer per week bolvoedsel toe.
- Engelvierkies (*Oenothera lindheimeri*), 'n taai meerjarige, vorm in die somer elegante are vol blommetjies met 'n ligpienk skynsel.
- Fuchsia-hibriede (*Fuchsia x hybrida*) floreer in vrugbare grond wat goed dreineer, op 'n plek met oggendson of spikkelskaduwee. Beskerm hulle teen wind en ryp.
- Heuningblommetjies (*Lobularia maritima*) is 'n laaggroeiende bosagtige selfsaai wat massas heuninggegeurde blommetjies maak en oop dele in sonnige kolle vul.
- *Hypoestes phyllostachya* is 'n goeie keuse vir kleur en afwisseling in skaduryke dele. Dié laaggroeiende plant werk ook goed binnenshuis in potte en hangmandjies.
- Kantelbergklokkies (*Campanula medium*) maak in die somer are vol klein klokvormige blommetjies en groei in volson én halfskadu.
- Knolbegonia (*Begonia x tuberhybrida*) werk goed as jy onmiddellik helder, langdurige kleur in skaduryke dele wil hê. Hulle is in 'n verskeidenheid kleure beskikbaar.
- Komkommerruud (*Borago officinalis*), 'n krui wat in kos gebruik word maar ook medisinale waarde het, sorg vanaf die lente regdeur tot in die herfs vir hope blou blommetjies. Boonop lok dit bye en skoenlappers.
- Rivierverbos (*Indigofera jucunda*) is 'n klein semibladwisselende boom met donkergroen blare en in die somer die lieflikste ligpienk blommetjies wat ook lekker ruik.
- Vingerhoedjies (*Digitalis purpurea*) werk goed om hoogte te skep in gemengde beddings. Plant saailinge in die herfs of lente óf saai dit in die herfs.



Papierblomme



Komkommerkruid
groeit tot in die
motoroprit en vorm 'n
fantastiese metgesel
vir die 'Red Ayea'
rose met hul ryk kleur.



'Double Delight'



Knolbegonia



'Butterfly Kisses'



Pronkriderspore



Engelvlerkies



Pienk madeliefie
(*Argyranthemum frutescens*)



Vingerhoedjies

BEVRORE PIESANG-EN-BESSIEJOGURT

Resep op bl. 115

Soet, sappig, somer

Eet die reënboog en vier die
sonskynseisoen van perskes,
bessies, kersies, mango en meer!

NEKTARIEN-EN-FRAMBOOSBLOKKIES

Resep op bl. 115



Mango-en-steurgarnaalslaai

Elke somer tel ek die dae af tot daar vars mango op die rakke is – veral sodat ek 'n weergawe van hierdie feestelike voorgereg kan opdis!



Genoeg vir 6 as voorgereg
Voorbereiding: 15 minute

- 300 g gaar steurgarnaalsterte (sonder doppe)
- 2 koppe babasierblaarslaai ("baby gem")
- 2 ryp avokado's, in blokkies gesny
- 2 ryp mango's, in blokkies gesny
- 4 radyse, dun gesny
- 15 ml piekelgemmer, fyngekap

SOUS

- 125 ml romerige Fransestyl mayonnaise
- 60 ml dubbelroomjogurt
- 30 ml mangoblatjang
- 30 ml tamatiesous
- 'n knippie matige kerriepoeier
- 10 ml vars suurlemoensap, of na smaak
- 'n skeutjie brandrissiesous, of na smaak

1 Hou 12 van die steurgarnale heel vir die mooi en sny die res in klein stukkies.

2 Meng al die sousbestanddele saam. Proe en geur na smaak met sout en vars gemaalde swartpeper. Meng die sous met die gekapte en heel steurgarnale.

3 Sny die stingelente af van die slaai koppe en breek die blare los van mekaar. Was goed en maak droog. Geur die avo- en mangoblokkies met sout en verdeel saam met die blare, radyse en gemmer tussen 6 bordjies of bakkies. Skep die steurgarnale en sous bo-op, maak seker elke porsie het twee heel garnale bo. Sit voor met suurlemoenwiggies.

Wenk As jy nie garnale eet nie, vervang dit gerus met pangebraaide hoenderrepiet. >>

Vir nog heerlike, vullende somerslaai, kyk op bl. 124.



STADIGGEROOSTERDE
VARKLIES MET PYNAPPEL

Resep op bl. 118



JOGURTKAAS MET
SPANSPEK-HAM-EN-GRANAATSLAAI



Jogurткаas met spanspek-ham-en-granaatslaai

Dié somerslaai is net so mooi as wat dit lekker is.

Genoeg vir 4-6 as voorgereg • Voorbereiding: 20 minute

- 125 ml granaatpitte
- 5 ml heuning
- sap van 2 lemmetjies
- 5 ml rooswater
- 1 hoeveelheid jogurткаas (sien onder)
- 30 ml ekstrasuiwer olyfolie
- 100 g swartwoudham, in rosies gevorm
- 1 spanspek, in blokkies of balletjies gesny
- 'n strooisel grofgekapte sout pistasieneute

1 Meng die granaatpitte, heuning, lemmetjiesap en rooswater saam en verkoel vir 15 minute.

2 Smeer die jogurткаas oor die bodem van 'n mooi opdienbord en drup die olyfolie oor. Rangskik die ham en spanspek bo-op en strooi die gemarineerde granaatpitte en neute bo-oor. Sit voor as aptytwekker.

JOGURTKAAS

Meng 'n ruim strooisel sout en vars gemaalde swartpeper deur 1 liter dubbelroomjogurt (dit moet dubbeldik wees, anders gaan jou kaas baie lank moet staan). Spoel 'n vierkantige moeseliendoek in kookwater, druk die oortollige vloeistof uit en laat afkoel. Skep nou die jogurt in die middel van die doek en bind toe met 'n stukkie tou. Plaas die bondeltjie in 'n sif oor 'n mengbak en laat dit op 'n koel plekkie in die kombuis of selfs in die yskas dreineer sodat die wei kan uitloop. Die kaas is reg wanneer dit vorm behou.

Bevrore piesang-en-bessiejogurt

Bevrore piesangstukkies wat in 'n voedselverwerker verpulp word, verkry die tekstuur van roomys, sonder die byvoeging van suiker of suiwel. Dollie dan dié piesangbasis op met vrugte, versoeters, selfs sjokoladesplinters of grondboontjiebotter, en jy het wat "nice cream" genoem word. Dié resep is my gunsteling-kombinasie, maar eksperimenteer gerus tot jy joune vind. Ek snipper en vries graag oorryp bessies en sagte vrugte in porsies, reg vir gebruik.

Genoeg vir 650 ml • Voorbereiding: 5 minute, plus vriestyd

- 4 piesangs, in stukkie gesny en gevries
- 350 g bevrore bessies
- 45 ml grondboontjiebotter
- 15 ml heuning, of na smaak
- sowat 200 ml romerige ongeeurde jogurt

Sit al die bestanddele in 'n bekerversapper (een wat opgewasse is om ys fyn te maak) en verwerk saam tot glad. Die tekstuur moet verkieslik dik en romerig wees. Meer piesang sal dit dikker maak, meer jogurt dalk dunner – hier kan jy so bietjie proe en aanpas. Giet dadelik in 'n geskikte houër en vries vir 'n paar uur tot ferm genoeg om met 'n roomyslepel te skep, en geniet!

Wenk As jou roomys effens loperig is wanneer dit vrieskas toe gaan, is dit 'n goeie idee om dit ná 'n uur met 'n vurk te roer om die yskristalle op te breek voor jy dit verder vries.



Nektarien-en-framboosblokkies

Dié bederf is perfek vir die kosblik of teetafel, maar saam met roomys en vla ook 'n fantastiese nagereg! Dis my klappergegeurde weergawe van Christine Capendale se Summer Slices uit haar 2022-spoegboek *Baking for Profit and Pleasure*.

Genoeg vir 24 blokkies
Voorbereiding: 20 minute
Baktyd: 35 minute
Oondtemperatuur: 170 °C

- 220 g botter, by kamertemperatuur
- 250 ml strooisuiker
- 4 eiers
- 5 ml vanieljegeursel
- 310 ml (1¼ koppie) bruismeel, gesif
- 250 ml fyn amandels
- 125 ml fyn klapper
- 'n knippie sout
- 4 ryp nektariens, ontpit en in dun wiggies gesny
- 125 g frambose
- 60 ml klapperskaafsels
- loperige heuning vir afronding

1 Voorverhit die oond. Voer 'n 20 x 30 cm-pannetjie met bakpapier uit. Verroom die botter en strooisuiker saam tot lig en donsag. Voeg die eiers een vir een by en klits goed ná elke byvoeging. Roer die vanieljegeursel by.

2 Meng die bruismeel met die amandels, fyn klapper en sout en vou by die bottermengsel in tot net glad.

3 Smeer die beslag glad in die voorbereide pan en rangskik die nektarienskyfies in netjiese rytjies bo-op. Strooi die helfte van die frambose en al die klapperskaafsels oor.

4 Bak vir 35 minute of tot goudbruin en gaar. Laat afkoel op 'n draadraakie. Sny in blokkies, garneer met die ekstra frambose en drup heuning ruim oraloor. >>



Cremoraterter met aarbeie

My ma maak maaskaastert vir spesiale okkasies, maar Cremoraterter is vir baie 'n retro-gunsteling.

Toe 'n vriendin onlangs met heimwee oor die treffer gesels, wou ek dit self probeer en nou het my ma se maaskaastert strawwe kompetisie!

Genoeg vir 1 groot tert • Voorbereiding: 20 minute, plus stolyd

- 1 pakkie (200 g) tenniskoekies, gekrummel
- 100 ml gesmelte botter
- VULSEL**
- 1 sakkie (15 ml) gelatienpoeier
- 375 g-sakkie Cremorapoeier
- 190 ml ($\frac{3}{4}$ koppie) water, plus 30 ml ekstra
- $1\frac{1}{2}$ blikke (385 g elk) kondensmelk
- gerasperde skil van 1 suurlemoen
- 190 ml ($\frac{3}{4}$ koppie) suurlemoensap
- 12 aarbeie vir mooimaak

1 Maak die kors Meng die koekiekrummels met genoeg botter om die krummels aan mekaar te laat kleef en voer 'n tertbak daarmee uit sodat dit 'n eweredige kors vorm.

2 Maak die vulsel Sit die gelatien in 'n bakkie en roer die 30 ml koue water by. Laat staan tot gestol. Sit die bakkie gelatien in 'n groter bakkie met kookwater en roer tot gesmelt. Hou eenkant.

3 Klits die Cremora en 190 ml water saam tot glad en romerig. Klits die kondensmelk by tot weer glad. Voeg die suurlemoenskil by, gevolg deur die sap in 'n dun straaltjie terwyl aanhoudend geklits word. Klits laaste die gesmelte gelatien by en giet in die voorbereide kors. Laat stol in die yskas.

4 Sny die aarbeie in skyfies en versier die tert daarmee net voor opdiening.

Wenke

- Om aarbeiartjies te maak, maak twee klein insnydings in 'n "V"-vorm aan weerskante van die heel aarbei se stingelent. Sny nou elke aarbeiart in drie skyfies en rangskik in 'n patroon op die tert.
- Vir 'n vinnige aarbeisous, snipper 6 aarbeie op en sprinkel 30 ml strooisuiker en 15 ml suurlemoensap oor. Laat staan vir 10 minute. Maak fyn met 'n staafmenger en sit in 'n mooi bekertjie voor vir skink. >>





Gebakte lamsribbetjie met waatlemoen-en-kersieslaai

Die veelsydige piekel hou vir tot 'n week in 'n gesteriliseerde fles in die yskas en kikker enigiets van 'n kouevleisbroodjie tot braaihoender op. Die slaai kan ook met vars kersies en rooiui gemaak word as die tyd knyp.

Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 1 uur

Gaarmaaktyd: 1 uur 15 minute • Oondtemperatuur: 170 °C

- 1,2 kg klein lamsribbetjies ("riblets")
- 15 ml olyfolie
- 30 ml rooiwynasyn
- 10 ml koljandersaad, gestamp
- 'n paar takkies tiemie, blaartjies gestroop
- 15 ml granaatkonsentraat
- 30 ml heuning
- KERSIE-EN-ROOIUIPIEKEL**
- 15 ml heuning
- 60 ml kookwater
- 1 middelslag-rooiui, gehalveer en dun gesny
- 12 vars kersies, ontpit en gehalveer
- 80 ml rooiwynasyn
- 30 ml olyfolie
- 30 ml grofgekapte mentblare
- 2 ml sumac
- 'n knippie rissievlokkies
- WAATLEMOENSLAAI**
- ¼ waatlemoen, in wiggies gesny
- 2 klein koppe brosblaarslaai (ons het "baby gem" gebruik), in blare gebreek en gewas
- 200 g romerige fetakaas, in stukke gekrummel
- 60 ml gemengde saadjies, gerooster

1 Berei die ribbetjies. Voorverhit die oond. Meng die ribbetjies met die olyfolie, asyn, koljander en tiemie, geur goed met sout en varsgemaalde swartpeper en rangskik in 'n enkellaag in 'n oondbak. Maak styf toe met 'n deksel of foelie en bak vir 1 uur of tot die vleis van die been begin wegtrek en sag is.

2 Skakel die oond se roosterelement aan. Klits die granaatkonsentraat en heuning saam met die ribbetjie se pansappe en bedruip die ribbetjies daarmee. Rooster tot oraloer goudbruin en onweerstaanbaar.

3 Maak die piekel Roer die heuning by die kookwater tot gesmelt en giet oor die uie. Laat staan vir 5 minute. Meng die res van die piekelbestanddele by en laat afkoel. As die tyd dit toelaat, sit oornag in die yskas of laat vir minstens 1 uur staan.

4 Stel die slaai saam Rangskik die waatlemoen en slaai-blare op 'n mooi opdienbord. Skep die ui en kersies uit die piekelvloeistof en rangskik oraloer. ('n Bietjie vloeistof is lekker, maar te veel kan die slaai suur maak.) Strooi die feta en saadjies ook oor en sit voor met die warm ribbetjies. >>

Stadigeroosterde varklies met pynappel

Die vel van die lies word smeltsag in die oond en is heerlik wanneer dit stroperig verglans word soos in dié reseep, maar sou jy dit vooraf afsny en apart krakeling maak, het jy 'n bros garnering om ná die tyd oor die glansende vleis te strooi (sien "Bros krakeling" hier onder).

Genoeg vir 6 • Voorbereiding: 40 minute

Gaarmaaktyd: 3½ uur • Oondtemperatuur: 160 °C, dan 200 °C

- 1,6 kg varklies, vel ingesny en gesout
- 2 uie, in dik ringe gesny
- 250 ml pynappelsap
- 125 ml laesout-sojasous
- 125 ml hoenderaftreksel
- 30 ml ligbruinsuiker
- 2 knoffeltoontjies, dun gesny
- 2 cm vars gemmer, gerasper
- 2 steranyssade
- GLASEERSEL**
- 125 ml kookvloeistof uit die pan
- 60 ml pruimsous

GROENBOONTJIES MET PYNAPPEL

- 1 pynappel, geskil en in kwarte gesny
- 280 g groenboontjies, stingelente afgesny
- 3 sprietuie, gekap
- 1 rooi brandrissie, gekap
- 30 ml sesamolie
- 15 ml geroosterde sesamsaadjies
- sap van 1 lemmetjie
- 'n strooisel vars basilieblare

1 Voorverhit die oond. Rangskik die uieringe in 'n enkellaag onder in 'n roosterpan waarin die vleis knus sal pas. Sit die varklies bo-op, velkant na onder. Voeg die res van die bestanddele by. Sit 'n vel gefrommelde bakpapier bo-op en maak dig toe met foelie. Rooster in die oond vir 3 uur.

2 Skep die vark versigtig uit die sous en keer om op 'n draadrakke. Die vel behoort nou smeltsag te wees. Verhoog die oondtemperatuur tot 200 °C. Klits die kookvloeistof en pruimsous saam en verf oor die vleis. Sit die draadrakke met die vleis oor die roosterpan en bak vir nog 30 minute tot mooi blink. Verf gereeld met die sous.

3 Maak die vrugtige groenboontjies Sny die pynappelkwarte in dun skyfies en braai in 'n riffelpan tot sag met mooi skroeielyne alkant. Kook die groenboontjies tot net gaar. Meng die gebraaide pynappel en boontjies met die res van die bykosbestanddele. Sit voor met die verglansde lies en klewerige rys of kapokaartappels.

BROS KRAKELING

Hiervoor moet jy die vel vooraf sorgvuldig afsny. Sny dit dan in repies en sout dit goed. Laat die repe oop in die yskas uitdroog terwyl die vleis rooster, of oornag. Rooster die gedroogde vel vir 15 minute in 'n lugbraaier by 200 °C, dan 5 minute op 'n slag tot bros en krakerig. Kap in happies en strooi oor die pronkstuk. Jy kan ook 'n ekstra stuk vel koop by die slagter. As jy bekommerd is die repe gaan te sout wees, kan jy die sout met 'n skoon, droë lap afvee voor jy dit in die lugbraaier sit.



Hoender met perskeblatjang

Die hoender is só eenvoudig om te berei, want die oond doen al die harde werk. Die laer oondtemperatuur en langer gaarmaaktyd verseker murgsagte hoender wat van die been val met 'n stroperige bokant.

Genoeg vir 4

Voorbereiding: 15 minute

Gaarmaaktyd: 2 uur

Oondtemperatuur: 160 °C

- 1 groot plathoender
- 2 rooiuie, in skyfies gesny
- 200 ml perskeblatjang, klaargekoop of tuisgemaak (*sien resep langsaan*)
- 80 ml romerige mayonnaise
- 200 ml hoenderaftreksel
- 2 lourierblare
- 2 nektariens, gehalveer

1 Voorverhit die oond. Rangskik die uieskyfies onder in 'n oondbak waarin die hoender redelik knus pas. Geur die hoender oraloor goed met sout en varsgemaalde swartpeper en sit bo-op. Klits die blatjang, mayonnaise en aftreksel goed saam en giet oor die hoender. Voeg die lourierblare by, bedek en bak vir 1 uur.

2 Verwyder die deksel, voeg die nektarienhelftes by en bak oop vir nog 1 uur. Sodra jy die boudjie kan wikkell en dit van die hoender loskom, is die hoender reg. Sit voor met klewerige rys.

Wenk Voeg gerus fyngekapte brandrissie, knoffel en gerasperde vars gemmer by die blatjangsousie.

Perskeblatjang

Genoeg vir 4 bottels vol • Voorbereiding: 40 minute

Gaarmaaktyd: sowat 1 uur

- 1 kg perskesnippers (ek gebruik nektariens met die skil aan)
- 8 gedroogde perskehelftes, gesnipper
- 2 uie, fyngekap
- 60 ml gedroogde bosbessies of sultanas
- 500 ml wit asyn (appelasyn is heerlik)
- 375 ml (1½ koppie) ligbruinsuiker
- 2 cm vars gemmer, fyngerasper
- 1 knoffeltoontjie, fyngekap
- 1 rooi brandrissie, gekap (opsioneel)
- 3 kruienaeltjies
- 10 ml matige kerriepoeier
- 5 ml sout
- 1 lourierblaar, vars of gedroog

1 Gooi al die bestanddele in 'n dikboomkastrol en roer dit oor matige hitte tot die suiker opgelos het. Bring tot kookpunt, draai die hitte dan laer en laat prut stadig tot die mengsel dikker begin word en die kleur verdiep, sowat 45 minute tot 1 uur. As daar oormatig skuim op die oppervlak vorm, kan jy dit afskep en weggooi.

2 Skep die blatjang vuurwarm in gesteriliseerde glasbottels en verseël dadelik. Ek hou die heel speserye in, maar as jy bang is jy byt dalk later op 'n naeltjie, vis dit uit en gooi weg. Draai die bottels om en laat afkoel. Hou dit vir 'n paar weke in die spens voor jy weglê, die geure ontwikkel en die smaak van die asyn versag. Bêre dit in die yskas wanneer dit eers oopgemaak is. 🍴

Het jy geweet appels, perskes, pere, aarbeie, kersies en frambose is almal *familie van die roos* ... en dit verklaar mos als van hierdie onweerstaanbare vrugte!







Eiervrugstapels

Ons weergawe van parmigiana, 'n geliefde oondgebakte eiervrug-tamatie-en-kaasgereg uit die suide van Italië, gaan selfs die vleiseters laat vra vir nog!

Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 40 minute (braai van eiervrugskywe en kook van sous ingesluit)
Baktyd: 25-30 minute • Oondtemperatuur: 180 °C

- 3-4 middelslag-eiervrugte
- 125 ml koekmeel
- 3-4 eiers, geklits
- groenteolie vir braai
- 8 skywe mozzarellakaas, elk sowat 5 mm dik
- 300 ml fyngerasperde parmesaan- of pecorino-kaas

TAMATIESOUS

- 1 ui, gekap
- 45 ml olyfolie
- 3 knoffeltoontjies, gekap
- 3 ansjovisfilette, gekap (opsioneel)
- 'n knippie gedroogde rissievlokkies
- 'n knippie gedroogde tiemie
- 2 lourierblare, vars of gedroog

- 2 blikke (400 g elk) gekapte tamaties
- 5 ml suiker
- 'n hand vol vars basilieblare, gekap, plus 'n paar ekstra blaartjies vir garnering




1 Maak eers die tamatiesous Braai die ui in 30 ml olyfolie tot glansend en sag. Roer die knoffel, ansjovis, rissie, tiemie en lourierblare by en braai tot geurig. Voeg die tamaties by, geur met die suiker, sout en vars gemaalde swartpeper en laat prut vir 20 minute of tot effens verdik. Roer die gekapte basilie en orige olyfolie by en hou gereed.



2 Sny die eiervrug in die lengte in skywe van sowat 7,5 mm dik. Gooi die eerste en laaste skywe van elke eiervrug op die komposhoop; jy benodig 20 skywe vir vier stapels wat elk uit vyf lae bestaan. Sit die meel en eier in aparte vlak bakke, reg vir doop.




3 Verhit 'n bietjie groenteolie oor matige hitte. Doop die eiervrugskywe een vir een eers in die meel en dan in die eier tot oraloor bedek. Braai die bedekte skywe dadelik in die warm olie tot alkant goudbruin. Dreineer die gebraaide skywe op kombuispapier en braai die volgende sarsie.



4 Geur die gebraaide eiervrug met 'n strooisel sout en verdeel die skywe in vier stapels. Maak torings van klein na groot met die groter skywe bo-op, reg vir rangskik in 'n oondbak.

5 Voorverhit die oond. Skep 'n lepel vol tamatiesous onder in die oondbak en pak vier groot eiervrugskywe langs mekaar bo-op. Bou jou stapel met lae mozzarella, tamatiesous, eiervrug en parmesaan. Eindig met 'n skeppie sous en 'n strooisel parmesaan. Bak vir 25-30 minute of tot deurwarm en borrelend. Sit warm voor met ekstra basilie, vars brood en slaai.

Wenk As daar tamatiesous oorbly, hou dit vir pasta! Ek maak altyd eerder te veel as te min. 🍴



Slaai is op die tafel!

Steak-aartappel-en-fetaslaai

Onder R195 • Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 40 minute
Gaarmaaktyd: 25 minute • Oondtemperatuur: 200 °C

- 500 g baba-aartappels, gekook tot net gaar
- 30 ml olyfolie
- 'n groot klont botter
- 300 g beenlose kruisskyf
- 200 g kersietamaties, gehalveer
- 80 g gemengde slaai-blare (cos en roket saam is heerlik)
- 30 ml brosoe-vlokkies ("crispy onion sprinkle")
- SLAAISOUS
- 100 g fetakaas
- 60 ml dubbelroomjogurt
- 30 ml gekapte platblaarpietersielie
- ½ knoffeltoontjie, gerasper
- 15 ml vars suurlemoen-sap

1 Voorverhit die oond. Druk die gaar aartappels op 'n gesmeerde bakplaat plat met die onderkant van 'n glas. Verf die bokante met 'n bietjie olyfolie, stip met botter en geur na smaak met sout en vars-gemaalde swartpeper. Bak vir sowat 25 minute of tot goudbruin en bros.

2 Sny enige oortollige vet van die steak af en kap die vet in blokkies. Braai die vetblokkies in 'n dikboompan uit om die pan te smeer. Geur die steak alkant ruim met sout en peper en braai in die vet tot goudbruin en gaar soos verkies.

3 Verwerk al die slaaisousbestanddele saam tot glad. Smeer op 'n mooi opdienbord.

4 Sny die vleis in dun reepe. Skep dit saam met die aartappeltjies, kersietamaties, slaai-blare en 'n strooisel ekstra feta op die bed van romerige feta. Strooi die uievlokkies oor en sit dadelik voor.



Panzanella met halloumi

Onder R160 • Genoeg vir 4 ruim porsies
Voorbereiding: 40 minute • Gaarmaaktyd: 25 minute
Oondtemperatuur: 180 °C

- 2 knoffelpanini's, in blokkies gesny
- 45 ml olyfolie
- 3 groot, ryp tamaties, in wiggies gesny
- 200 g kersietamaties, gehalveer
- 1 klein komkommer, in blokkies gesny
- 100 g olywe, ontpit en gekap
- 80 ml grofgekapte mentblare
- 320 g halloumi-kaas, in reepe van 7,5 mm dik gesny
- 15 ml koekmeel (opsioneel)
- 45 ml gemengde geroosterde sade
- 30 ml granaatpitte
- SLAAISOUS
- ½ rooiui, baie fyn gekap
- 7,5 ml korrelmosterd
- 30 ml rooiwynasyn
- 80 ml olyfolie

1 Voorverhit die oond. Meng die broodblokkies met 15 ml olyfolie, versprei op 'n bakplaat en bak tot bros, sowat 10 minute. Meng die brosoe-blokkies met die tamaties, komkommer, olywe en ment.

2 Plaas al die slaaisousbestanddele in 'n skroefdoeples en skud tot gemeng. Geur na smaak met sout en vars-gemaalde swartpeper en meng die helfte van die sous deur die slaai.

3 Rol die halloumi-reepe in die meel (indien gebruik), skud die ekstra meel af en braai in die res van die olyfolie tot alkant goudbruin en bros. Skep die warm kaas op die slaai, strooi die geroosterde sade en granaatpitte oor en sit met die orige slaaisous voor.



Teriyaki-sampioenslaai

Onder R200 • Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 20 minute
Gaarmaaktyd: 10 minute

- 30 ml olyfolie
- 12 bruin sampioene
- 1 heel knoffeltoontjie
- 45 ml teriyakisous
- 5 ml suiker
- 15 ml sesamolie
- 250 ml bruinrys, gaargemaak volgens die aanwysings
- 250 ml edamame-bone, geblansjeer
- 2 wortels, gesnipper
- 30 ml gekapte pietersielie
- 'n hand vol babaspinasieblare
- 2 ryp avokado's, geskil en dun gesny
- 4 hardgekookte eiers, afgedop en gehalveer
- 100 g karamelbedekte kasjoeneute, grofgekap

1 Verhit die olyfolie in 'n dikboompan en braai die sampioene en heel knoffeltoontjie saam tot goudbruin. Voeg die teriyaki en suiker by en braai tot stroperig. Gooi die knoffel weg, roer die sesamolie by en geur na smaak met sout en varsge maalde swartpeper.

2 Voeg die rys, bone, wortels en pietersielie by en meng deur. Skep saam met die spinasieblare op 'n mooi opdienbord.

3 Plaas die avoskyfies en eierheltes bo-op en strooi die neute oor. Sit dadelik voor.

Wenk As jy hou van 'n romerige slaaisous, kan jy die slaai met soesjimayonnaise langsaan bedien.



Hoenderslaai met grondboontjiesous

Onder R180 • Genoeg vir 4 • Voorbereiding: 40 minute
Gaarmaaktyd: 10 minute

- 4 hoenderborsfilette (500 g)
- 1 blokkie hoenderaftreksel
- 350 g klaargesnipperde koolslaai (reënboog of gewoon)
- 80 g peulertjies, gesnipper
- 2 wortels, gesnipper
- 125 ml sout grondboontjies, grofgekap
- 'n hand vol koljanderblare, grofgekap
- 3 sprietuie, gekap
- suurllemoenwiggies en eetbare blomme (opsioneel) om voor te sit
- SLAAISOUS**
- 45 ml gladde grondboontjiebotter
- 1 klein blikkie (165 ml) klappermelk
- 45 ml laesout-sojasous

1 Sit die hoender in 'n kastrolletjie, krummel die aftreksel oor en bedek met water. Bring tot kookpunt, draai die hitte laer en posjeer vir 10 minute of tot net gaar. Skep die hoender met 'n gaatjieslepel uit die aftreksel en laat dit afkoel tot hanteerbaar.

2 Kliits die slaaisousbestanddele saam tot glad.

3 Vlok die hoender en klam aan met 'n bietjie slaaisous. Meng met die slaaibestanddele. Skep op 'n mooi opdienbord en bedien met die orige sous, suurllemoenwiggies en eetbare blomme. 🏠



Kos & drank

Deur Johané Neilson • Foto's verskaf

Superster

Drew Barrymore se Beautiful-reeks klein kombuistoestelle is nou in Suid-Afrika beskikbaar! Makro en die splinternuwe Walmart-winkels in die Clearwater- en Fourways-mall verkoop 'n verskeidenheid ketels, versappers, broodroosters, staanmengers en lugbraaiers wat verrigting met 'n mooi voorkoms kombineer. Gaan na makro.co.za of laai die Walmart Africa-app af om joune te kry.

Beautiful One Touch- elektriese ketel (1,7 l) R999, makro.co.za

Two in a Bush is nou beskikbaar in blikkies sodat jy sonder sukkel jou hidrasievlakke reg kan hou. Probeer die laekalorie-Sparkling Rooibos (6 x 300 ml; R149, twinabush.co.za) in Raspberry (30 kcal), Citrus (48 kcal) en Peach (37 kcal). Heerlik!



Klei en cuisine

Die sjef Amori Burger se fabelagtige somerspyskaart by Upper Union in Kaapstad is omtrent 'n viering van die seisoen se kleure en teksture. Boonop word elke gang voorgesit in 'n spesiale keramiekbak deur die kunstenaar Refiloe Seduke, stigter van Studio Verdée. Die keramiekware is 'n verlengstuk van die kulinêre ervaring en word spesiaal gemaak om elke gereg te komplementeer én 'n fees vir die sinuïte te wees. Bespreek jou tafel by upperunion.co.za.

TJORTS!

Die Alvi's Drift Signature Selection-reeks het behoorlik sy stempel afgedruk by die Ultra Value Wine Challenge 2025 met dubbelgoue en goue medaljes, waaronder twee van die kompetisie se hoogste eerbewyse: Witwyn van die Jaar vir die Signature Sauvignon Blanc en Roséwyn van die Jaar vir die Signature Pinotage Rosé. Bestel joune by alvisdrift.co.za.



Op soek na iets soets om jou Valentyn te bederf? Probeer 1701 vir die lieflikste bederfgoed in die mooiste verpakings. Ons is gaande oor die Rose Turkish Delight & Almond Honey Nougat Box (160 g; R140, 1701luxury.com). 🏠



Sit dit in jou dagboek!
Suid-Afrika se voorste
huisverbeteringsekspo is amper hier.

DROOM VERKEN ERVAAR

KYALAMI GRAND PRIX CIRCUIT
27-29 MAART '26

Jou volgende groot huisprojek begin hier.

HOMEMAKERS *Fair*

Die 2026 Johannesburg HOMEMAKERS Fair belooft vernouwing en is vanjaar met nog groter sorg saamgestel om jou te inspireer en te help om jou huisprojekte met gemak en trots werklikheid te maak.

Uitgesoekte uitstallers staan gereed met idees, kundige raad en innoverende produkte en daar is selfs unieke, handgemaakte items om jou huis werklik jou eie te maak.

Kom verken en gee jou huisdrome vlerke!

Telefoon: 086 111 4663

E-pos: expo@homemakers-sa.co.za

www.homemakersfair.co.za





TEKEN IN & SPAAR

40%

R480⁰⁰ VIR 8 UITGAWES*

GEDRUKTE WEERGAWE

NUWE INTEKENARE SMS "TUIS" NA 32361

HERNUWINGS SKAKEL 087 353 1300

E-POS intekenare@media24.com

OF WHATSAPP 087 353 1287

DIGITAAL

BESOEK Zinio.com of Magzter.com of Netwerk24.com



* Intekeninge is onderhewig aan prysverhogings en jou betaalopdrag word dienoreenkomstig aangepas. Aangesien maandelikse intekeninge outomaties hernu word, moet jy ons laat weet indien jy jou intekening wil kanselleer. Dié aanbod geld tot 26 Februarie 2026. B's en V's geld. Die gedrukte aanbod is vir intekenare in SA; vir internasionale intekentarië, skakel +27 21 065 0033. Vir nuwe intekeninge, SMS jou besonderhede aan ons sodat ons met jou in verbinding kan tree. Elke SMS kos R1,50; gratis minute tel nie.

KOMPETISIEREËLS 1 Enigiemand in Suid-Afrika mag deelneem, buiten werknemers van Media24, die kompetisieborde, hul filiale, advertensie- en promosieagentskappe en hul gesinslede. 2 Pryse word toegeken aan die eerste korrekte inskrywings wat getrek word en wenners sal telefonies of per e-pos in kennis gestel word. 3 SMS-kompetisiewenners word lukraak uit al die SMS-inskrywings gekies. 4 Die organiseerders se besluit is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie. 5 Pryse kan nie verander, oorgedra, uitgestel of vir kontant geruil word nie. 6 Die onus rus op kliënte om die pryse te verskaf. *Tuis* kan nie verantwoordelik gehou word vir probleme met of vertraging in die lewering van die pryse nie. 7 Pryse moet binne 6 maande ná kennisgewing opgeëis word; uitstel kan slegs verleen word indien die borge skriftelik daartoe instem. 8 Geen KI-gegenereerde beelde kom in aanmerking vir kompetisies in *Tuis* waar inskrywings geskied deur die instuur van 'n foto nie.

Let wel Vanweë variasies in die drukproses is verkleure in die tydskrif nie noodwendig 'n ware weergawe van die betrokke produk nie.

Koopgids

Sorg vir die hele gesin deur jou mandjie met hierdie kopies te vul!

SLAAP MEER MET SLOOM

Dis bedagsaam ontwerp en trots plaaslik: Sloom is die modulêre slaapoplossing wat moderne rus herdefinieer. Verstel hierdie 'ma-tras' op elke vlak by die huis vir sagte, medium of ferm gemak – verskillend aan elke kant, sodat jy en jou slaapmaat elk jul eie fermheid kan kies. Die effek-tiwiteit is getoets deur 'n 100-nag studie. Dié mense het slaap vereenvoudig, ver-persoonlik, en 'n sisteem gemaak om te hou. Besoek hul webtuiste by sloom.co.za, e-pos info@sloom.co.za of bel 087 073 6676.



OMSKEP ELKE ETE IN 'N GEURERVARING

Nayi Le Achaar Pâté is Suid Afrika se eerste gourmet achhaar smeer. Sag, veelsydig en propvol geurige Afrika geïnspireerde bestanddele, perfek as doopsous, geurmiddel, marinade of kookbasis. Kies uit sewe onweerstaanbare variante, insluitend Jalapeño (Dubbelgoud toekenning). Met hoë gehalte plaaslik verkrygte bestanddele, omskep hierdie patee alledaagse disse in iets besonder. Beskikbaar by uitgesoekte deli's, klein-handelaars en aanlyn by <https://nayileeachaar.com/>



JOU NUWE DARLING SONSKERM

MIST-ME SPF 50 is 'n eko-vriendelike sonskerm sproei van DARLING. Dis veganisties, veilig vir die oseaan en gemaak met bestanddele soos makadamiasaadolie, vitamien E, Polygonum aviculare-ekstrak om foto-veroudering teen te werk, en Nectaria Lithops™ om helderheid en die sintese van vitamien D te ondersteun. Die aaneenlopende sak-op-klep sproei tegnologie bied 'n gewiglose, verkoelende mis sonder 'n oliërige laag. Dit is dermatologies getoets, water- en sweet-afwerend, en volhoubaar verpak met herwinbare materiale.



'N VERF WAT ALLES KAN DOEN

Die Medal Low Sheen-PVA-akrielverf is 'n topgehalte-verf gemaak vir professionele gebruik, met 'n fyn, gladde afwerking wat oppervlakke binne en buite die huis beskerm en mooi maak. Kies tussen die kleure wit, room, Dark Storm, From the Earth, Nobokwe, Peach, Soft Beige, Spendorous en Winters Grey. Beskikbaar by Takealot en enige goeie hardewarewinkel.




'N LUKSE NOODSAKLIKHEID

Eens op 'n tyd was dit net 'n luuksheid, maar deesdae is Jeeves se premium-gehalte verhitte handdoekreelings algemeen in enige hoëgehalte-woning, gastehuis of hotel, waar dit bydra tot 'n higiëniese badkameromgewing deur handdoeke droog en vars te hou. Duisende mense oor die wêreld heen begin hul dae met 'n warm, sagte handdoek van 'n Jeeves-reling af. As jy eers dié soort knusheid ervaar het, sal jy verstaan waarom so baie mense hul dag op die Jeeves-manier wil begin.



DIE BESTE VAN SA

Hierdie koffietafelboek is 'n viering van Suid-Afrika se asemrowendste bestemmings. Met die pragtige fotografie en ontwerp gryp South Africa's Best Stays, in samewerking met die luuksehandelsmerk Ardmore, die verbeelding aan. Die fokus is op uitnemende gasvryheid, volhoubaarheid en unieke ervarings vir 'n reis wat sin en betekenis aan jou lewe gee. Beskikbaar by voorste boekhandelaars landwyd, of bestel by tanith@groundcontrol.world





Op Krismiskrukke die nuwe jaar in

Die wonder van Kersfees gooi soms langbeenstories die lewe in, skryf Karin Brynard.



Eerste skooldag van die nuwe jaar en my buurt hier aan die voet van die Stellenboschberg bruis van die nuwejaarsenergie.

Ek en die hond is op ons oggendwandeling en ons loop verby trosse uitgelate skoolkinders in kraakvars uniforms op pad skool toe. Alles glim en blink, tot die water in die leivore wat ekstra jubelend see toe kabbel.

By die voorhek van een van die groot huise spook 'n buurman om sy vier woelige seuntjies onder beheer te kry sodat daar in vrede skool toe gestap kan word. Sy vrou waai soentjies van waar sy by die voordeur op krukke leun, een voet in 'n stut.

Ek stop en verneem besorgd na haar besering.

"Ontmoet die produk van een van die grootste Krismis-clichés," sê sy en lag.

"Kan nie wees nie," sê ek nuuskierig.

"Jong, dit was soos iets uit 'n Schuster-fliek. Maar wat, as jy vier ondertwaalfseuns grootmaak, is jy kort-kort in 'n Schuster-fliek."

"Jy weet dan," beaam ek, "Murphy's Law is geformuleer met klein seuntjies in gedagte.

"Grotes ook, hoor," lag sy.

"My liewe man besluit toe mos ons nooi die hele uitgebreide familie na ons huis toe vir Kersfees – myne én syne. Ek wou eintlik vir 'n slag iets eenkants doen – ver weg – nét ons gesin. Maar Hennie sê nee, ons seuns moet van jongs af bewus wees van familie, en van tradisie en die waarde van familietyd en saam herinneringe maak – die lekker én minder lekker. Als deel van die wonder van Kersfees, Liefiel!"

"Jy't 'n wyse man," seg ek beïndruk en my hond gaan sit solank, want hier kom 'n storie.

"Op Oukersdag," vertel sy, "is hier 'n leërskaare. Dis oumas en oupas, 'n tante of twee, my suster en haar gesin, Hennie se twee broers en al hulle kleintjies. Dis bésig.

"Hennie het 'n moewiese boom op 'n vriend se plaas gaan afsaag en die huis ingesleep. 'n Berg van 'n boom. En almal wil help om die helse ding op te maak. My skoonma was onlangs in Duitsland by 'n Kersmark en het egte-regte Kersboom-kerse saamgebring, twee dosyn. En my suster se tienerdogters het spesiaal die *coolste* boomversierings van Amazon bestel. Dis pretgoed soos poefie-emoji's en Donald Trump as 'n Krismispadda en Kersvaders wat hulle kaal boude wys. My ou engeltjies en klokkies is 'boring' en bly eenkant lê. "En die aand, toe al die kerse en Trumppaddas en emoji's brand, lyk dit tóg te feestelik."

"Die wonder van Kersfees," bevestig ek, maar my blik dwaal na die maanstewel aan haar voet.

"Dit moet net nie te lank duur nie," sê sy, "want die seuns raak gou verveeld. En ons sing eers Kersliedere voor ons pakkies kan oopmaak. Maar dis warm daar by die boom en as gevolg van die kersies durf ons nie vensters oopmaak nie, so ons sweet. Ek sit agter die klavier en terwyl ons nog deur "Stille nag" ploeg, sien ek nie hoe die seuns 'n kaalbas-Santa uit die boom haal en sy boude oor 'n oop kersvlam hou nie. En natuurlik slaan die ding aan die brand en hulle laat val hom – tussen die pakkies in."

"O, heng," sê ek, want ek weet mos hoe brand so 'n dennenaald en papier.

"Ons is nog nie by heng nie," lag sy. "Heng kom eers toe daar 'n yslike reënspinnekop bo uit die boom klim, so 'n vet, harige ding. Hang daar aan sy draadjie soos 'n ekstra Trump-dekorasie.

"Pan. De. Monium. Almal roep tegelyk 'brand!' én 'spinnekop!' My een swaer gryp die bak Krismispons om die brand te blus, maar hy vergeet van die alkohol daarin! Tóé moet jy sien."

"En jou voet?"

"Die brandblusser," sê sy. "Hennie het dit wyslik byderhand gehou. Maar hy't 'n fobie vir spinnekoppe en hy staan vasgenael. Toe ek aan hom raak, skrik hy en dit glip uit sy hand en tref my voet."

"Au," sê ek simpatiek. "Is iets gebreek?"

"Nee wat," sê sy, "net liggies gekraak. En dit was ál skade, gelukkig, want die brand was blitsvinnig uit en die pakkies gered. En almal kon lekker saamlag daaroor. Buiten ou Hennie. Hy voel vreeslik skuldig en kan nie genoeg opmaak nie. Maak kos en versorg die kinders, dra vir my koffie aan. Ek paai en verseker hom dit was die beste familiefees ooit. Almal sê so."

"En tereg," sê ek en maak aanstalties. "'n Leërskaare agterkleinkinders sal nog die stories vertel. Want jou goeie man is reg, die wonder van Kersfees bly maar familie. Met of sonder agtpotiges."

"Éénpotige, in my geval," lag sy en ons groet.

Toe ek en die hond laataand gaan slaap, dink ek weer na oor Hennie en sy Krismisboom. En die besonderse pakkie wat hy onder daai boom geplant het – oor die waarde van moeite maak en omgee, die vreugde van saamwees en verbinteniss bou. Dis die goed wat die lewe betekenis gee. G'n brandende Santaboude kan so 'n pakkie vernietig nie.

Dís mos die wonder van Kersfees, of hoe? 🏠

KKNK 30

28 Maart tot 4 April 2026 • Oudtshoorn

Die KKNK weef al vir drie dekades 'n
tapisserie van kunste in die Klein Karoo.
Maak jou feesgordel vas, stof jou
partytjieskoene af en kom
fees voluit by die 30ste KKNK.

Program beskikbaar by **kknk.co.za** en kaartjies by Webtickets.

KKNK



HET **JAN MARAIS**
NATIONALE FONDS



nati
NATIONALE AFRIKAANSE
TEATER-INITIATIEF

NETWERK24

Checkers
Leef en better

Verwag alledaagse luuksheid




Ware luuksheid word gevoel, nie net gesien nie.
Verbeter jou badkamer tot 'n 5-ster-ervaring
met Jeeves Tubo se verhitte relings.

Ontdek ons ontwerpe en vind jou naaste
handelaar by jeeves.co.za

JEEVES
HEATED TOWEL RAILS

Sunel

Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😊



Betsie

Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry?? 😊

Sunel

Wie gee om? Stuur dit net aan.

DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N **MISDAAD**

MOENIE STEEL NIE

AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPOORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM

MEDIA24